

HOOFSTUK VI.

(F)

MELT JACOBUS BRINK (*)

Deur Professor JOHANNES J. SMITH.

(1842—1925).

MELT Jacobus Brink is op 16 Mei 1842 gebore in Kaapstad, waar sy vader op die hoek van Lang- en Strandstraat, naas die bekende huis van mevr. Koopmans-De Wet gewoon het. Die famielie is 'n ou Hollands-Afrikaanse famielie, die stamvader waarvan was Andries Brink, van Woerden in Nederland, gehuwd in 1738 met Sophia Grové en in 1749 hertrou met Alida de Waal. Andries Brink was burger in Stellenbosch en het dertien kinders gehad. Hoewel die eerste Brink 'n Hollandse burger was, tog skyn dit dat die famielie oorspronklik uit Denemarke afkomstig is.

Toe Melt sewe jaar oud was, moes sy vader, wat op goedhartige wyse vir 'n vriend borg geteken het, die huis in Kaapstad verkoop; en die gesin is toe op die plaas Oostenwal by Saldanhaabaai gaan woon. Hier was Melt sowel koring- en veeboer as visser.

Toe hy neë jaar oud was, het hy sy eerste onderwys gekry, en wel van Jan Jansen, die stuurman van 'n

(*) Hierdie artikel het oorspronklik verskyn in *Die Huisgenoot* van 11 September 1925. Dit is enkele dae na die dood van Melt Brink op 2 September 1925 geskrywe.

Hollandse skip wat op die Kaapse kus gestrand het. Vir iets meer as 'n jaar het Melt toe geleer om die Hollandse taal te lees en te skrywe, en ook bekend geraak met die grondbeginsels van die syferkuns.

Ná 'n agjarige verblyf by Saldanahabaai het sy vader die plaas Oostenwal verkoop; en in 1856 was die familie terug in die Kaap. Nou kon Melt weer één jaar skoolgaan—dié keer in die destyds so beroemde inrigting „Tot Nut van het Algemeen”, wat gevestig was in die Koningin-Viktoriastraat op die plek waar vandag die Opleidingskool vir Onderwysers staan. Hier was o.a. regter Kotzé en dr. Hoffmann saam met Melt op skool.

'n Jaar later (1857) vertrek die Brinks na Houtbaai, waar die vader die wynplaas Victorskloof gekoop het; en ses jaar lank help Melt nou sy vader by die wynboerdery. Sake het egter nie so goed gegaan nie, en sy vader het 'n swaar geldelike verlies gely, met die gevolg dat ons in 1864 die Brinks weer in Kaapstad terugvind. Nou tree Melt se vader as bakker en slagter op, en die seun het weer trou gehelp om 'n bestaan te maak.

Tot op hierdie tydstip het die twee-en-twintigjarige Melt nog maar twee jaar skool gehad. In sy jeug het hy groot lus gehad om skilder te word; maar sy vader kon die studie nie bekostig nie en kon die seun ook nie by die boerdery mis nie. Hy moes hom gevolglik maar tevrede stel met allerlei kleure te smeer op stukkies papier wat hy in hande kon kry. Oorgehaal deur 'n vriend wat die verfsmeersels gesien het, het Melt se enigste stiefbroer uit die eerste huwelik van sy vader hom toe één jaar lank aan die Suid-Afrikaanse Kollege laat studeer. Daarna het Melt, deur bemiddeling van dieselfde vriend, in 1867 'n betrekking gekry op die kantoor van die Landmeter-Generaal. Daar het Melt landkaarte en diagramme geteken; en hy het hom so ywerig betoon dat die Regering hom later tot eerste tekenaar en samesteller van kaarte benoem het. Hy het o.a. 'n reuse-aandeel gehad in die samestelling van die keurige offisiële kaarte van die Kaapkolonie in 1886 en 1896 uitgegee. Op die kantoor van die Landmeter-Generaal is hy werksaam gewees tot die jaar 1908, toe hy, ná 'n dienstyd van een-en-veertig jaar, om gesondheidsredes op pensioen afgetree het. Hy het onder ses Landmeters-Generaal gewerk en was hoog geëer deur almal met wie hy sovele jare saamgewerk het. Hy was nie alleen 'n keurige kaarte-

tekenaar nie, maar 'n beskaafde man van 'n goeie karakter. By sy aftree het sy mede-amptenare—Afrikaners sowel as Engelse—hom 'n pragtige lessenaar en ouderwetse stoel ten geskenke gegee en hulle hoë waardering uitgespreek van sy uitstekende dienste en goeie karaktereienskappe. Die Landmeter-Generaal (die heer Cornish-Bowden) en die Minister van Landbou (die heer F. S. Malan) het persoonlik gekom om die waardering van die Regering uit te spreek, en die heer Cornish-Bowden het spesiaal nadruk gelê op Melt Brink se uitstekende werk, sy grote vriendelikheid en beleefdheid, sy hulpvaardigheid en sy eienskappe as egte heer.

In 1870 het Melt Brink in die huwelik getree met Nanet Albertien Combrink; en hy het met haar gelukkig gelewe tot 1915 toe sy oorlede is. Die huwelik is kinderloos gewees.

Wat ons hoofsaaklik in die lewensloop van Melt Brink tref, is die uiters skrale mate van skoolopvoeding wat hy geniet het. Hy het in 't geheel maar drie jare skoolgegaan. Maar hy het self alles in sy vermoë gedaan om kennis op te doen, en buitendien het hy ontsaglik veel geleer in die skool van die lewe. Voor sy vyf-en-twintigste jaar was hy al koringboer, veeboer, visser, wynboer, bakker en slagter—en in al daardie bedrywe het hy geleer. Geen wonder dat hy later, toe hy 'n lewensberoep in ooreenstemming met sy aanleg en talente gekry het, so onderhoudend kon skrywe oor ou Kaapstad, oor boere en vissers, oor Slamaaiers en Hottentots.

Heelwat van sy letterkundige ontwikkeling dank Melt Brink aan sy lidmaatskap van die rederykerskamer „Aurora”. Hierdie kamer is in 1866 gestig en het tot spreuk gehad: „Onvermoeide vlijt komt alles te boven.” Dit het een-en-twintig jaar in Kaapstad bestaan, en die laaste twintig jaar was Melt Brink sekretaris daarvan. Hy het sy eie gedigte daarin voorgedra, en hy het talle van toneelstukke geskryf wat deur die kamer opgevoer is. Reeds in 1867 dra hy sy gedig „Het Graf” voor, en in April 1869 word sy blyspel „Het Origineele Testament” opgevoer deur die kamer.

In 1874 was Melt Brink ook een van die oprigters van 'n vereniging „De Roode Ster”. Hierdie vereniging van jongeliede het ten doel gehad die aankweek van onderlinge vriendskap en die veredeling van mekaar se karakter deur nuttige voorlesings en andersins. Jarelank was

Melt Brink voorsitter van hierdie vereniging, wat in 1875 reeds ses-en-dertig lede getel het, en wat ongetwyfeld veel gedaan het om die Kaapstadse jongelui van daardie tyd liefde vir eie taal en eie kultuur in te boesem. Die vereniging het veel van 'n vrymesselaarslosie gehad, en sy plegtige vertoon van tabliers en baniere het bepaald indruk gemaak.

Melt Brink se naam sal egter in ons land bly lewe deur sy letterkundige werke. Hy het reeds vroeg begin rympies maak, en onder die naam „Koos Rymzak” publiseer hy al in 1884 in die destyds bestaande Kaapstadse weekblad *The Knobkerrie* 'n reeks „Afrikaanse Schetze”. Later het van sy gedigte verskyn in *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift*, *Jong Zuid-Afrika*, *Ons Tijdschrift*, *De Goede Hoop*, en *De Unie*. Melt Brink was self 'n begaafde voordragskunstenaar, en hy het op baie plekke in ons land gehore geboei met sy grappige gedigte.

Sy eerste versameling gedigte het in 1893 by die firma J. C. Juta verskyn. Dit was die eerste bundel van die *Grappige Stories en Ander Versies in Kaaps-Hollands*. Daarop het later nog ses bundels *Grappige Stories en Ander Versies* en ook vyf ander digbundels gevolg. Die laaste bundel gedigte van Melt Brink het in 1920 verskyn. Buitendien het daar nog in druk verskyn een-en-twintig toneelstukkies en 'n bundel verhale en same-sprake. In 1904 is hy vereer met die lidmaatskap van die „Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden.”

In sy tyd was Melt Brink 'n kulturfaktor van groot betekenis. In ons bewondering van die talle Afrikaanse skrywers wat ná Melt Brink gekom het, en wat die leserskring deur hom geskep geërf het, dink ons dikwels nie aan die ou pionier wat onder veel moeiliker omstandighede en met veel eenvoudiger wapens moes stry in belang van 'n Afrikaanse kultuur nie, en dan onderskat ons veelal sy betekenis vir sy tyd. Vandag mag Melt Brink se gedigte vir baie van ons eenvoudig en ouderwets lyk, maar daar was 'n tyd toe sy gedigte wyd en syd oor ons land geles en geresiteer is, en toe die skrywer as die „Vader Cats” oral bekend was—ja selfs op fees-telike wyse gehuldig is deur die hoogste staatsamptenare van die Transvaalse Republiek tydens 'n besoek aldaar. Die mense het sy werke met graagte geles; sy versies het hul opgesê op „entertainments” wat vir die orige

net Engelse nummers op hul programmas geken het; en sy toneelstukkies is oral op ons dorpe opgevoer—en dit wel in 'n tyd toe daar vrywel niks anders met 'n Afrikaanse gees en 'n Afrikaanse strekking was om op te voer nie.

In later jare het beoordelaars Melt Brink se kuns as onaanneemlik en sy taal as onafrikaans bestempel. Maar ons moet Melt Brink in sy tyd neem. Hoewel sy taal vir ons vandag nie altyd bevredig nie, tog was so'n tussending in daardie dae nie so onvanpas as baie dink nie. Die feit is en bly dat Melt Brink se optree—al het hy dit self seker nie bedoel nie—een van die sterkste aanvalle op die vesting van die Hoog-Hollandse skryftaal van Suid-Afrika was: die mense wat hom gelees het, het gewend geraak aan 'n taalvorm wat nie meer Nederlands was nie; en toe die afwykinge eers begin het, moes die eindresultaat suiwer Afrikaans wees.

Melt Brink is een van die weinige pennevoerders wat gedurende die donkere jare 1890-1905 regstreeks tot die Afrikanerhart gespreek het. In daardie jare het die ou Pêrelse Genootskap van Regte Afrikaners, wat tussen die jare 1875 en 1890 so veel geywer het vir die erkenning van 'n Afrikaanse skryftaal, en ook soveel gedaan het om leeslus onder die Afrikaanse bevolking op te wek, nie meer kragdadig kon optree nie. Wel het die Taalbond probeer om weer liefde vir die Nederlandse taalvorm en die Nederlandse letterkunde op te wek, en wel het ds. S. J. du Toit met sy Bybelvertalinge en enkele ander uitgawes voortgegaan om die Afrikaanse kultuur te dien, maar groot invloed op die breë massas van die volk het hul nie meer kon uitoefen nie. Suiwer Nederlands was nou eenmaal te ver af, en ds. Du Toit se politieke insigte het ook sy taalvorm onaanneemlik gemaak. Dit was dan ook hoofsaaklik die *Uitgesogte Gedigte* versamel deur president Reitz en die verskillende bundels *Grappige Stories en Ander Versies* van Melt Brink wat in dié dae gelees is deur Afrikaners wat iets meer wou hê as godsdienstige werke en koerante.

Melt Brink is altyd uiters beskeie oor sy eie pennevrugte gewees. Die eerste sin in sy voorberig tot die eerste bundel *Grappige Stories* (1893) lui: „Als gij naar iets verhevens in mijn boekje zoekt zult gij u bedrogen vinden.” En dieselfde noot klink in al sy voorberigte.

Sy enigste doel is—so vertel hy ons—om te vermaak en laglus op te wek; hy wil ou stories aan die vergetelheid ontruk; hy ag homself volkome beloon as sy versies maar net 'n bietjie aangename verposing aan die leser kan verskaf; van een bundeltjie heet dit dat dit geen pêrel van waarde is nie, maar 'n rivierklippie waar die kinders hul mee kan vermaak deur „klip-op-handjie” daarmee te speel. In sy later bundels sê hy dat hy geen digter is nie.

Is dit dan billik van ons, hedendaagse beoordelaars, om vir Melt Brink te verwyt dat hy nie is wat hy altyd ontken het te wees nie? Onderskat ons nie sodoende die wesenlike waarde van sy optree vir ons volk en letterkunde in 'n uiters dorre periode nie? 'n Klein, alleenstaande koppie op 'n kaal vlakte is seker nie minder trefsend nie as 'n hoë bergspits in 'n landskap van berge. Na sy lig en sy vermoë het hy aan sy tyd gegee; en dis sy tydgenote—en ons, sy erfgename—wat sy skuldenaars is.

Die laaste jare het Melt Brink stil gewoon in „Pretoria-Villa”, Kloofstraat, Kaapstad. Die dood van sy vrou in 1915 het hom diep getref, en hyself het herhaaldelik gevoel dat ook sy taak afgedaan is. Die laaste tyd was hy heel swak en sy spraak ook erg belemmer. Op Woensdagaand, die 2de September 1925, het hy op die gewone tyd na bed gegaan, maar die volgende môre om sewenuur is ontdek dat hy in sy slaap heengegaan was.

Met die dood van Melt Brink is daar weer 'n treffende band met die verlede verbreek. Een ding is egter seker: Watter kunsmaatstaf in die toekoms mag toegepas word, Melt Brink sal bly leef in die herinnering van die Afrikaanse volk. Sy pakkende humor, sy interessante verhaaltrant en sy omvangryke woordeskat het vir sy *Grappige Stories* oral lesers gevind; en in die toekoms sal ons ook weer Melt Brink gaan bestudeer as ons 'n behoorlike beeld wil kry van die laaste kwart van die neëntiende eeu. Hy was 'n getroue vaderlander en 'n hartstogtelike liefhebber van sy eie volk en taal. Daarom kon hy ook die Afrikanerhart tref en by sy lesers liefde vir land, volk en taal aanwakker. Dit is sy groot verdienste.



HOOFSTUK VII.

DIE GEES VAN DIE EERSTE TAALBEWEGING.

Deur Dr. D. F. MALHERBE.

BY al die belowende vordering op taal- en kunsgebied bly 'n mens maar al te seer bewus van ons nasionale jeug. Want nog skaars het die son opgegaan oor die vlakke-landskap van ons beskawing en juig ons oor die eerste stameling van 'n eie kuns.

Maar hoe kon dit anders? In die vorige eeu, toe jammerlike agterlikheid in die opvoeding of selfs totale verwaarlosing daarvan verband gehou het met landskoonmaak, met vestiging en uitbreiding van Boerbeskawing oor wyd-strekkende gebiede, met beveiliging van lyf en besit teen Barbaredom, het 'n vreemde kultuur en taal doodgesmoor eike ademtog wat ons eie was en 'n nasie doofstom gehou. En daar waar 'n enigszins gevestigde maatskaplike lewe aan die orde was, het na-aping en slaafse gedweeheid ras-en taalbelange prysgegee. Stilswyende protes teen moedswillige taalonderdrukking in die skoolwese omstreeks 1835 kon by 'n volgende geslag nie herhaal word nie, omdat die gees van verset geblus was. En een van die versreikende strekkinge van die invoer van Skotse predikante was die gestadige anglisering van die kerklike lewe, sodat die Kommissaris-Politiek by die sluiting van die vierde Sinodale Vergadering (1834) sy groot genoeë kon betuig met die wys besluit wat prediking in die Engelse taal by

ons Hollandse predikante aanbeveel.* En toe eindelijk 'n handjievul propagandiste in die laaste kwart van die eeu hul ketterse leer omtrent Afrikaans as skryftaal verkondig en die wêreld in beroering bring, was ons Hollandse predikante, fakkeldraers van geestelike lewe, vir 'n groot deel vyandiggesinde angliserende kragte en die Hollandse pastorieë middelpunte van Engelse beskawing. Staatsdiens, skoolwese en openbare lewe was so deurtrek van vreemde gees en taal, dat moed tot verset en strydus ter redding van eie nasionale goedere feitlik verdwyn het.

Tog was daar in hierdie troostelose atmosfeer een brandpunt vir Hollandse kultuur, die Pêrelse Gimnasium, met sy geestelike vader die kranige Ds. G. W. A. v. d. Lingen. Uit hierdie kring tree te voorskyn, onder aansporing van A. Pannevis, die taai strydkragte wat onder groot miskenning sulke roemryke daade verrig het vir die handhawing van ons duurste erfenis.

Daar is heelwat van Afrikaans gebruik gemaak in koerante en geskrifte voor 1875, soms doelbewus, soms egter ook sonder om die voordeel van die taal self te beoog. Half toevallig ontstaan ten gevolge van 'n vergadering byeengeroep met die doel om die vertaling van die Bybel in Afrikaans te oorweeg, is die stigting van „Die Genootskap van Regte Afrikaners” (14 Aug. 1875) die eerste vaste organisasie gewees vir die handhawing van ons taal, en het dit geword die uitgangspunt van 'n beweging wat, van alle kante gesmaad en gehoon, sou aangroei in krag, in vrugbare propaganda tot in die Kerk en Parlement, wat tot lewe sou wek geestelike doodsheid en louheid, sou oorwin vooroordeel en kleinlike haat, omdat dit gepraat het die hartetaal van die nasie en gegrondwes was op 'n onwrikbare geloof en vaderlandsliefde.

Daar is hard gewerk in daardie jare: die uitgawe van „Die Patriot”, eers as maand- en later as weekblad wat in die hand van D. F. du Toit (Oom Lokomotief) 'n mag-

(*) „En dit voetspoor volgende, is de vergadering dan ook bij de tegenwoordige zitting wijsselijk tot het besluit gekomen, dat aan al de Leeraars der Nederduitsch Hervormde Gemeenten, die daartoe de nodige bekwaamheid bezitten, wordt aanbevolen, om waar en wanneer zulks kan geschieden, de predikdienst in de Engelsche taal waar te nemen, mits dat het prediken in het Nederduitsch op de gewone wijze en tijden, zoo als tot hiertoe geschied is, onafgebroken zal blijven voortduren. Ik noem dit besluit wijs, omdat een zeer belangrijk oogmerk daardoor wordt bevorderd, zonder dat iemand, hoe oock genaamd, er eenig nadeel door lijde.”
Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift XI, 421.

tige faktor geword het in die politieke en sosiale ontwaking van die Afrikaner; die verskyning van propagandistiese en letterkundige geskrifte, van gedigte en liedere in Afrikaans, van skoolboeke selfs. Die ondersteuning van die Transvalers teen Engeland was 'n kragtige hefboom vir die Beweging. Hoe het menige vryheidslied die gemoed gaande gemaak, en die skrywers meegelewe met die Transvaalse worstelstryd van 1880—1881! Hoe het die tong los geword van 'n stom, ja doofstom nasie! Maar hoe verwoed was ook die teëstand—teëstand van byna al die Hollandse en Engelse blaaië, vyandskap van eie ras- en stamgenote, belastering en verguising van die taal wat ons vandag so hoog waardeer, haat teen die manne wat met die edelste en onbaatsugtigste motiewe besiel was en alleen deur persoonlike en geldelike opoffering die werk tot stand kon bring!

Op die voorpunt het gebrand in artikel of spotvers of beskuldigende ontboeseming die stryd teen verengelsing. Wat 'n gloed van verontwaardiging walm daar uit menige eg-Afrikaanse vers van dié tyd! En wat 'n heftige aanklag het C. P. Hoogenhout geslinger teen die geestelike leidsliede wat maar tevrede toegesien het hoe die volksiel ondergaan, toe hy uitroep:

„Engels, Engels, alles Engels, Engels wat jy siet en hoor, in ons skole, in ons kerke word ons moedertaal ver-

[moor....”!

Die lewenskrag van die Eerste Taalbeweging het gevloei uit drie faktore: *godsdiens, taal, nasionaliteit*, wat almal deur 'n dieper lewenseenheid van dieselfde ondergrondse bron gevoed word. En hierdie drievoudige krag was sterk genoeg om waag- en strydensmoed gedurig aan te wakker, om die manne van 'n Dordtse lewenshouding tot onwrikbare fondamentstene van ons kultuurgebou te stempel. Die Bybel was rigsnoer by beslissing oor alle vraagstukke en moeilikhede wat die kultuurstryd, breed en konsekwent soos hulle hom opgevat het, noodwendig aan hulle moes opdring. En die Bybel het hulle geleer dat nasionale en godsdienstige lewe, nasionale en godsdienstige onderneming een is. Was die kragtigste eksponent van die doel en strewe van die Genootskap. Ds. S. J. du Toit, dan nie die skrywer van daardie blakende godsdienstig-nasionale geskrif „Nehemia als Volkshervormer” nie—'n geskrif waarin Nehemia as volks- en geloofsheld tot 'n spieëlbeeld vir die Afrikaanse nasie uit-

groei? En loop hierdie beginsel nie dwarsdeur sy hele prediking en propagandawerk nie, kraglynig en uitgespreek met diepste erns en onoorwinlike oortuiging?*

Reeds in sy stukke verskyn in „De Zuid-Afrikaan” onder die skuilnaam *Ware Afrikaander* (1874) klink dit onmiskenbaar uit, terwyl die bruikbaarmaking van die taal tog maar aldeur in die diens van die Bybelvertaling gestel word. En in hierdie geestesrigting was die aanvanklike voorstanders van Afrikaans volkome eenstemmig, voortgekom soos hul was uit dieselfde kring met sy ortodoks-godsdienstige atmosfeer. Is die nasionaliteitsgedagte helder uitgedruk in die doelformulering van die Genootskap:

„Die doel van ons Genootskap is: om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land”,

in die twaalfde Artikel van die Statute spreek Ou-Dordtse onverskrokkenheid vir hom duidelik uit:

„Ieder lid moet gelowe in die Versoeningsdood van onse Heer Jesus Christus.”

Omdat so'n gesindheid ons eerste taalbouers deurdring het, kon 'n taalkongres ook dadelik omgesit word in 'n broederlike samekoms waar die godsdienstige behoefte vervul kon word. Dit was by die samekoms van 29 tot 31 Januarie 1897 in die Pêrel dat die onderwerp *De verhouding tusschen Taal, Nationaliteit en Godsdienst* twee dae lank uitgangspunt van die besprekinge gevorm het.**

Die taal- en nasionalestryd was vir die voorstanders 'n saak van gebed. Met gebed is elke vergadering, waaronder by name die Bybelvertalingbyeenkomste, geopen en gesluit. En in die kritieke jaar 1877, toe dit gelyk het of die drang vir 'n Hollandse Genootskap sou seëvier en daarmee die Afrikaanse taal 'n doodhou sou kry en toe mannemoed 'n begryplike en redelike weifeling vernietig het, was dit gebedsoefening en geloofsvertroue wat die krag tot volharding gebring het. In die Daljosaphats-notule lees ons al te duidelik:

„Besluit om die saak tot 'n bepaalde saak van gebed te maak ieder ver hom self, terwyl ons Sondag aand

(*) Vergelyk die preekbundel *De Huiskerk*, o.a. die preek „En er was geen smid in Israël.”

(**) *Kyk Verslag van Taalkongres en Samenkomst gehouden aan de Paarl op 27 tot 31 Januari, 1897.*

van half 6 tot 6 uur ieder afsonderlik en tog gesamenlik daaran sal gedenk.”

So was die taalstryd een van die uitvloeisels van huf godsdienstige lewe, 'n heilige saak. 'N boompie in sulke vrugbare aarde geplant en gewortel, met die Hemel se seën begunstig moet pragtig kan opbloeï!

Die geloof in die leiding van die Voorsienigheid vind derhalwe ook uiting in die letterkundige werk van die Genootskappers. Dit beheers die hele opset van die *Afrikaanse Volkslied*:

„Daar is 'n Oog wat alles merk,
Hy set die onreg paal en perk. . . .”
„Want al die nasies het een God.
Hy re'el ider volk syn lot;
Hy het ver ider volk syn taal,
Syn land, syn reg, syn tyd bepaal.
Wi dit verag sal Syn straf dra,
O God, beskerm Suid Afrika.”

Hierdie bewus-godsdienstige toon en die styging van die laaste vers of verse tot gebedsvorm is die uiting van 'n gevoelde behoefte wat kenmerkend is van verskeie proewe uit die eerste tyd. So klink *Ons toekomstige Volkslied* uit in:

„En seën, liewe Heer, verenig Afrika.”

Dit is nie net maar woorde nie; dit is openbaring van gevoel, gerypte vrug van 'n besliste lewenshouding. Daarom is die verteller van die *Slag van Bronkhorstspuit* ook nie tevrede met die verhaal alleen nie, maar eindig met 'n opwekking tot gebed:

„Bid om vrede van Transvaal!
Smeek God om Syn gena;
Want vrede daar is vrede hier —
Deur gans Suid-Afrika.”

Op dieselfde gesindheid, gesterk in moeiliker dae deur stryd en lyding, berus die slot van 'n groot aantal Geuseliedere: opwekking tot gebed, aansporing tot verheerliking van God of uitklinking in gebed. Vergelyk o.a.

„Valt Godt den Heere te voet,
Dat hij victorie wil gheven.”*

(*) Leersaam is 'n vergelyking met *Nieuw Geuzenlied-Boek* (versamel deur v. Lummel).

Gesien in die lig van sy totale ontwikkeling, het die Beweging tot in sy laaste polsslag getrou gebly aan sy beheersende godsdienstige lewensbeginsel. Daarom het die suiwer-godsdienstige vers, waaronder ook beryming van Bybeltekste en selfs van Psalms,* so'n ruim plek ingeneem onder die digwerk van die eerste skrywers. Daarom ook het die idee van 'n Afrikaanse Bybel nooit uit die bewussyn verdwyn nie, al moes dit gedurende lang jare verdring word deur eise van algemeen-kulturele en politieke aard. Dit was lewendig vanaf 1872 toe Pannevis eerste begin roer het, was die onmiddellike dryfveer tot die stigting van die Genootskap, terwyl S. J. du Toit die Bybelvertaling as lewenstaak gaan opvat het. En hieraan het hy gearbei totdat sy kragte hom in 1911 ontsink. Ja, toe al die ander werksaamhede van die Beweging gestaak was, *Di Patriot* en *Ons Klyntji* verdwyn het en die volk se ondersteuning verspeel was, kon een Bybelboek na die ander nog die lig sien, sodat die Beweging eintlik eers met die dood van S. J. du Toit tot stilstand kom. En daarom sluit die werk van die Genootskap ook soos 'n ring. Die Bybel in die volkstaal was sy eerste lewenskreet; die verskyning van Bybelboeke in Afrikaans sy laaste snikke.

As die kind se stamelperiode aanbreek, bly die tong altyd maar doenig met die voortbringende van betekenisvolle klankverbindings: wat 'n genot tog die nuut verowerde stamelkuns! En so rym dit by ons nasionale bewuswording *om te rym*. En die taal self, skat van die volksiel, word voorwerp van behandeling, of *Di Patriot*, draer van die taal.

„'N ider nasie het syn Taal,
 Ons praat van Kaap tot in Transvaal
 Wat almal maklik kan verstaan.....”
 „Nou rym ons lekker want nou kan
 Gen Hollander of Engelsman
 Ons met syn taal vermaak nie;
 Ons Afrikaans klink net so mooi,
 Laat hulle maar met woorde gooi,
 Hul sal ons tog nie raak nie.”

Owermoed en sjouwinistiese selfvoldaanheid by eerste ontwaking is verstaanbaar en vergeeflik:

(*) Soms maak hierdie beryming 'n goeie figuur naas dié van ons tyd.

„Set Engels op sy
Ons taal sal ons kry,
Werk Hollands maar uit,
Stuur weg met die skuit.”

Vaderlandsliefde, oorwoeker deur wilde gerank van vreemde bemoeiing en van enigsins geletterde vreemde fortuinsoekers, skiet vinnig op in die Kaapkolonie en begin sy deel eis in die staatkundige lewe. Nasionale gevoel, geprikkel deur onderdrukking van eie kultuurgoedere en deur die worstelwerk van die Transvaalse Boere teen Engeland, ontvlam tot brandende hartstog. Uit vers en prosa klink op brutale spot en meedoënlose veragting. Soos 'n kind se bewussyn in die onmiddellikheid van sy lewenskondiesies hier gryp en daar los, beheers deur die intensiteit van uitwendige prikkels, so woel ons eerste letterkundige voortbrengsels in kinderlike opgewondenheid rondom die staatkundige of maatskaplike gebeure. Van ernstige spot soos in die verse van Hoogenhout tot ondeunde uitjillery met sterk-burleske rumoerigheid wek die eerste skrywers se werk al deur lewendige herinnering aan groter of kleiner gebeurtenisse, of word daarin met gedugte mokerslag gestry teen die woekering van vreemde groeisel in die Afrikaanse samelewing.

Op rym en maat kom enig iets wat by meer gerypthed as propagandistiese artikel sou verksyn het:

„Mar as ons as een enig man
Hul winkels sou verlaat,
En by ons eige mense koop,
Dan sal hul anders praat.”

Ophemeling van die Boere se dapperheid en gevolglike kleinering van die Brit, soos te verwag is in so'n tyd, vermeng met ironiese spot tref 'n mens dikwels aan. Wat het byvoorbeeld van Britse dapperheid geword waar dit na aanleiding van die dood van Prins Napoleon in die Soeloe-oorlog van 1879 so klink:

„Die Brit is bo, in alles bo!
In Afrika moet elk dit glo.
In hardloop is die Brit oek bo!
Dit sal nou Afrika wel glo.
Want veilig is die Britse held
Wat spat geset het uit die veld;
Syn gas, syn wapenbroer, die bly
Daar agter om syn dood te kry.” ?

Skaars het juig- en danklied verruis en die Transvalers begin voel die weelde van hul onafhanklikheid of die politieke lug word weer vertroebel op die westergrens. En dit is in verband met hierdie woelinge dat leedvermaak in growwe spot uiting vind:

„John Mackensie
Moeni grens ni,
Ja jou tyd was kort.
Jy het ni kan toon ni,
Wat daar in jou woon ni!
Sonder seremoni
Moes jy so maar vort.”

Maar veel wilder en woester kan dit word soos in *Feeshied by die stigting van die Ryksbond* geskrywe na aanleiding van die totstandkoming in 1884 van die Imperiale Federasie-Ligue waarvan elkeen lid kon word, van watter kleur ook al:

„Kom, Hottentot,
Kom, Kafferrot!
Sing same nou Hosannas,
Met Rooijes en Korannas.”

Hoe vreemd klink hierdie ruwe eerlikheid en uitgesprokenheid, met sy bymengsel van bitterheid en woede in spot, vir ons tyd met sy vrindelike paaiery en soeterige doekiesdraaiery!

Van 'n soortgelyke geestige uitskatering van spot en veragting, satieries of regstreeks, wemel dit ook in die Geuseliedere, 'n gees gevoed daar soos hier deur die tydsomstandighede. Ter vergelyking plaas ek hier twee strofes, elkeen uit 'n aparte lied:

„De Paus is onse Vader,
Hy is van Godt vercoren,
Hy verlost ons allegader
Niemant en blyft verlore,
Dus wilt vry vreucht orboren,
Ghy menschen onvertsaecht,
De Hel sal hy verstoren
So men de spiessen draecht.”

„Ick sal u singhen een goet nieu Liet,
Kinderen wilt nu hooren,
In 't Roomsche Ryck daer is jolijt
Daer is een Paus geboren,

't En is gheen Godt, 't en is gheen mensch,
 Hy drinckt so geern den wijn,
 Hy drinckt so geern den wijn,
 Is 't gheen Godt, of is 't gheen mensch,
 Soo moet het een Duyvel zijn."

So vind politieke of maatskaplike gebeurtenis dadelik 'n weerklank, geestig of ernstig, in die werk van die eerste skrywers, en wel by voorkeur in versvorm. Moet ek in hierdie verband nog in herinnering bring die verse geskrywe oor die Jameson-sluiptog, verse siedend van verontwaardiging? Genoeg wanneer geblyk het die godsdienstig-nasionale grondtoon van ons eerste digwerk wat, gemaklik-vloeiend en in alledaagse trant neergeskrywe, juis op hierdie tydstip van ons beskawing aantreklike en geskikte voedsel was vir die gros van die nasie. Kom in die *Ons Klyntji*-periode 'n jonger geslag wat rymvaardigheid by ouer werkers geleer het sonder om hulle te oorvleuel, voor die dag met skilderinge van gebeurtenisse uit die vroeër Afrikaanse geskiedenis, en verwyd hulle so die kring van motiewe, die Afrikaanse woordkuns word daardeur nie gebaat nie. Maar wie die maatstaf van ons later bereikte kuns of die van 'n uitheemse tradisie wil toepas op hierdie werk, mis die lewensbeginsel en doel van ons eerste geskifte in vers en prosa. Gevoel was soms heel sterk aanwesig in meer as een politieke vers, soos byvoorbeeld in:

„Ons hys nou weer ons vadersvlag,
 verpletter ons deur julle krag,
 verniel, vertrap ons arme land,
 bring julle dwinglandy tot stand,
 verbreek, verskeur ons vryheidsband.....”

of in *Vryheidslied*:

„Die Vierkleur van ons dierbaar land,
 die waai weer oor Transvaal,
 en wee die Godvergete hand
 wat dit weer neer wil haal!”

Verbeelding het ook nie altyd ontbreek nie, veral nie by S. J. du Toit nie. Want naas die wêreld van joernalistieke, politiek- en taalpropagandistiese, nasionale en godsdienstige lektuur wat sy pen voortbring het — werk wat weliswaar maar al te dikwels die spore van haas en onafgerondheid vertoon maar ook van die verbasende veelsydigheid van sy belangstelling, van sy belesenheid,

studie-ywer en onuitputlike werkkrag getuig—staan ook sy letterkundige werk in roman sowel as op gebied van toneel, volksballade en nasionale gedig. Hoe styg sy verbeelding in *Nag en Dageraad in Matabeleland* tot die hoogte van fastamagorieagtige voorstellingsmomente! Al kon die uitdrukking nie klim tot die peil van sy nagtelike visioen nie.

Nee, ons mag alleen vra of die eerste skrywers geslaag het in hul strewe: opvoeding van die nasie, opwekking van nasionale bewussyn, bevordering van die nasie se sedelike en godsdienstige welsyn.

Met groot dankbaarheid mag die nasie vandag terug sien op die werksaamhede van die eerste skrywers en voorstanders van Afrikaans. Veel van die gemaklike vordering wat die Beweging van na-die-oorlog gemaak het, is reeds te danke aan die vasberadenheid, volharding en werkkrag van daardie manne. Hul suiwer-letterkundige werk is beskeie in omvang sowel as in gehalte, nie gebore uit skeppingsdrang nie maar uit 'n sterk begeerte om nasionaal op te bou, godsdienstig, maatskaplik en politiek; weinig versorg na die vorm, maar met inhoud en strekking voortvloeiend uit eg-Afrikaanse tradisie. Meestal het dit gebly strekkingswerk gedra deur 'n egte Afrikaans-nasionale gees wat onverbloem en kragtig teen denasionaliseringsinvloede in kerk, skool en samelewing protes aanteken—nasionale lied, spot- en geestige vers, minnedig en verhaal, taalverheerliking, godsdienstige lied, volkskuns in wording.



HOOFSTUK VIII.

TAALSTREWE EN TAALBESKOUINGS VAN DIE PATRIOTMANNE.

Deur M. S. B. KRITZINGER, M.A.

EEN van die merkwaardigste dinge in die hele Eerste Afrikaanse Taalbeweging is, dat die leiers van die begin af presies geweet het, wat hulle wou hê. Op taalgebied merk ons dit dadelik en dit ten spyte van die feit, dat daardie handjievul manne nie juis taalgeleerdes was nie. Wel was dr. Arnoldus Pannevis deeglik onderlê in verskillende ou en moderne tale, maar hy kan beswaarlik een van die leiers genoem word. Tog was hy die persoon, wat deur sy brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, die beweging aan die gang gesit het en waar hy gesonde opvattinge op taalgebied daarop nagehou het, daar het hy seker meer as een keer met die jongeres daaroor gesels. En sy kennis het seker gedien, om die ywersugtigste onder hulle aan te spoor, om ook op hierdie gebied op hoogte van sake te kom.

Maar hierdie doelbewustheid in sake die taal, is ongetwyfeld te danke aan ds. S. J. du Toit, daardie groot leier, wat blykbaar nooit tevrede was, voordat hy nie 'n saak, waarin hy belangstel, goed baas was nie. En dat hulle van die begin af vas gestaan het op 'n besonder grondslag, pleit vir sy helderheid van gees en vir 'n goeie insig in taalsake, sowel as 'n goed uitgewerkte plan.

In 'n brief wat ds. S. J. du Toit onder die skuilnaam van „Ware Afrikaner” op die 25e November, 1873, in De Zuid-Afrikaan aan „Klaas Waarsegger, Jr.”, die pseudoniem van Mnr. C. P. Hoogenhout, geskryf het, is die eerste reël van die sewe, wat hy oor die spelling in Afrikaans aanbeveel: „*Ons skryf soos ons praat*”. En as

verklaring voeg hy daarby: „Laat ons tog nie so gek wees so's die Engelse, om een woord anders te skrywe en anders uit te spreek nie. Party keer moet een mens ver jou vererg, party keer moet jy lag, as jy die gekheid sien. Verbeel jou Johnson het 500 re'els opgestel ver hulle uitspraak. En al ken jy al 500 uit jou hoof, dan kan jy nog nie al die Engelse woorde uitspreek nie.”

Dit was, in die eerste plek, die uitgangspunt wat die spelling betref, maar dit het ook in die algemeen geslaan op die verhouding van die skryf- tot die spreektaal.

Uit 'n wetenskaplike standpunt kan daar natuurlik baie besware teen hierdie spelreël ingebring word, maar ons voorneme is nie om dit krieties te ondersoek nie. Ons wil ons veral op hulle standpunt plaas en sien, wat hulle bedoeling presies was.

Dan moet ons in die praktyk nog allerhande inkonsekwensies verwag, want die spore van 'n ou skryftradisie kan nie maklik uitgewis word nie. Ja, al probeer die mense skryf, soos hulle praat, dan nog sou dit vir die ras-egte Boere swaar gaan, om dit te doen. Die taal van hulle Bybel, hulle Psalm- en Gesangboek en dié van hulle leraar, saam met die geykte wendings in die gebed, het by hulle al 'n tweede natuur geword. En waar hulle *moes* skryf, daar kon hulle nie help, om die vreemde boekwoord te gebruik nie. Selfs vandag gaan dit vir meer as een van die, ouer geslag maar swaar, om te skryf en te lees, soos hy praat. Skrywe is vir hulle nog altyd iets besonder en by die ongewone vloei die „wij” en „heef” vanself! En ten spyte van die koerante struikel baie Boere, wat goed vertrouwd is met hulle Nederlandse Bybel, oor die slangg van die Afrikaanse Kinderbybel. 'n Goeie leidraad was hierdie reël dus seker vir daardie baanbrekersdae. Dit was mos 'n kwessie van: „Weg met de oneigene tale.”

Op taalgebied was die toekoms destyds maar duister. In die staatsdiens was Engels alles; in die skool was die ouers, wat nog ten gunste van Hollands* was, magteloos en in die kerk, daardie uiters behoudende liggaam, het party predikante al Engels begin te preek, veral Sondagaande, om „die jongmense te vang!”

Moedeloosheid en lusteloosheid het die oueres begin baasraak, maar wat kon hulle doen? Die bekende rympie,

* Hollands word in hierdie stuk gebruik in die betekenis van Nederlands—die betekenis, wat die „Patriotters” daaraan geheg het.

„Engels is Alles”, van die Patriottyd was dan ook so uit die hart gegryp van elke vaderlander:

„Engels is alles; kyk hot of kyk haar!

Engels is alles; ek word somar naar!.....”

„Jan wat Versiis maak” is ook bytend-skerp in sy Fooruitgang:

„Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy siin en hoor; In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal fermoor. Ag hoe word ons folk ferbaster, daartoe werk ons leeraars
[saam,
Hollans nog in seker skole: is bedrog, 'n blote naam!”

Die leiers moes dus aanknopingspunte by die minder-bevoorregtes soek, die mense wat deur die onderwys van daardie dae baie verwaarloos was. En hulle was juis op die platteland en op die klein dorpies. By die geleerdes sou hulle vergeefs aanklop. Daarom moes hulle eers gaan na die mense, wat die Hollandse taal nog lief gehad het, om te sien of dit nie moontlik sou wees, om hulle vir die groot saak: die verheffing van die spreektaal tot skryftaal, te win nie. Daar was geen sprake, dat Hollands self herstel kon word nie. Bekwame en goed geleerde Hollanders het dit al vantevore probeer, maar sonder sukses. Dit het die betreklik groot getal Hollanders, wat lede van die Genootskap van Regte Afrikaners was, besef. Alleen deur sy *eie* taal kon die siel van die volk gered word en die leiers het gevoel, dat hulle nie met towerformules voor die dag moes kom nie. Hoe eenvoudiger die grondreël — een wat spreek tot die hart en tot die verstand — hoe beter; en wat was daar nou makliker vir die groot publiek as net: „Skryf soos jy praat!” Dit laat ons selfs dink aan die moderne strydleuses van die Amerikaner!

Uit hierdie standpunt beskou, is dit selfs 'n baie goeie reël en ons twyfel daar sterk aan, of ons vandag 'n reël kan opstel, in verband met ons taalaangeleenthede, wat die waarheid só min geweld aandoen en tegelykertyd vir die ongeletterde só verstaanbaar is; ja, wat in so'n mate tot sy verbeelding praat. En vir die leiers was dit besonder belangrik, want hulle moes van die staanspoor 'n vastigheid onder die voete hê. Die teenstanders sou mos vanself met die verwyf kom, dat hulle 'n vreemde taal wil *maak*. Deur so'n eenvoudige leuse te gebruik, sou hulle die taal van die volk op die redaksiekantoor ontvang. En dis net wat hulle wou hê. Die algemene spreektaal sou

dan taamlik goed verteenwoordig word, want hulle het geweet, dat daar in Afrikaans nie dialekte is nie. Natuurlik daar is klein verskilletjies tussen die taal van die een spraak en dié van 'n ander, b.v. in woordeskat, uitspraak, spreekwoorde, ens., maar die verskille was nie só groot, dat die een deel nie die taal van die ander sou verstaan nie. En die *volk* moes gered word. Die leiers moes dus afdaal, om te kan ophef en selfs nog in 1896, het niemand minder nie as Oom Lokomotief, op die eerste Afrikaans Taalkongres hiervoor gepleit, want hy het gemeen, dat die geleerde Afrikaners, wat hulle taal wel gebruik 'n taaltjie praat wat al 'n soort van tussending is. En hy het nie Engels op die oog gehad nie!

Ds. du Toit het egter gemeen, dat „skryf soos jy praat” nog 'n gesonde reël is, want „met die reël bly ons onself gelyk” en „die taal bly die volk gelyk.” Hulle verduideliking van die ou stelling was toe: „...om die beskaafde spreektaal van ons land tot grondslag te lê en tot reël van skryftaal en saam met ons volk te ontwikkel”. Hulle het natuurlik nooit gemeen, dat as elkeen maar skryf, soos hy praat, sy Afrikaans dan goed sou wees nie. Die volk se penne moes maar eers in beweging kom, dit was hoofsaak. Hulle doel was: „Om te staan vir ons *Taal*, ons *Nasie* en ons *Land*” en dit sou 'n verkeerde politiek gewees het, om aan die begin hulle opvatting oor bysake aan die publiek op te dring.

In die praktyk was die uitwerking anders. Die meeste Afrikanerleiers was Bolanders en daarom het die eerste geskifte behalwe die van mnr. Hoogenhout, 'n Bolandse kleur gehad. Die mense in die Noorde was hiermee nie gedien nie en dis seker daarom, dat die spotnaam, „Paterjots” vir Afrikaans, so populêr geword het.

Die geleerdes, ook in anderland, wat hierdie reël as onwetenskaplik bestempel het, het veral vatplek gekry, deurdat hulle die optrede van die Patriotmanne as inkonsewent beskou het. Aan die een kant wil hulle aan almal kamma vryheid gee, om hulle eie taal te gebruik en daarom kies hulle die mooi-klinkende leuse, terwyl hulle aan die ander kant hulle eie opvatting aan die eenvoudige mense opdring, want in die heel eerste uitgawe van die Patriot het hulle al gesê: „Julle kan nou rym en dig dat dit nie maklik is nie, Jonge Afrikaanders! julle kan mos fluks rym! Stuur julle gedigte, kerels! Stuur mar! Die wat een beter gedig stuur as

ons „Volkslied”, die kry van ons een pluimpie. En die wat foute maak, dis niks nie, ons sal hom reg help.”

Verder het „Oom Jan” nog geskryf:

„Stuur mar op gedigte! Oom Jan sal reg maak;
Al wat daar verkeerd is, bring hy in die haak:
En wat hy te kort kom, daar sal hom Neef Jan
Te hulp kom, so veul hy met molikheid kan.”

Dis darem van belang, om daarop te let, dat hier in al twee die stukkes van gedigte gepraat word. Vir ons is dit dan ook nie ’n afdoende bewys, dat hulle baasspele-
rig was nie. Nee, hulle wou *almal* aanmoedig, om iets te doen en waar die maat en rymwoord miskien nie heelte-
mal in die haak was nie, daar sou hulle, wat teoreties beter op hoogte van sake was, help, sodat die meeste van die publiek se probeerslae in die Patriot opgeneem kon word. Die idioom van die taal het hulle meer op die oog gehad met hulle leuse.

Maar selfs aan die spelling sou gedokter moes word, want die leiers het hulle van die begin aan ’n paar taamlike reëls gehou en om te lei, beteken mos tog, om rigting aan te gee, ook wat die spelling betref. Hoe sou daar dan ooit eenheid kon kom?

Dat hulle almal ’n kans wou gee, bewys die feit, dat Oom Lokomotief altyd daarna gestreef het, om nie net die bydraes van die knapstes op te neem nie; nee, hy was hier besonder beslis: Almal moes aangemoedig word, en daarom het hy die meeste dinge, nadat dit verbeter is, in druk laat verskyn. Vandag se redakteurs moet ook maar baie verbeterings aanbring! Daardie manne was volksopvoeders en daarom het hulle besef, dat nie een enkele persoon afgestoot mag word nie. Vandaar dat ons in die werkies van die eerste skrywers die rypere naas die groene aantref. En as die Bolandse kleur daar-
in oorweeg, dan is dit veral omdat die mense uit daardie streke hulle die meeste laat hoor het. Die ander Afrikaners het dit meer as ’n Bolandse kliek beskou: hulle sou eers kyk, hoe sake ontwikkel.

Die leiers het drome gedroom. Hulle het nie maar net ’n taalbeweging op tou gesit nie. Vir hulle was dit die fondament van ’n volksbeweging, ’n kultuurbeweging en daarom het hulle breed aangevoer, die *hele volk* was deurgaans hulle uitgangspunt. En wie kon koud gebly het vir die besielende woorde van die leiers soos dié

waarin die eerste inleidingsartikkel van die Patriot gestel is en ook daardie mooi stukkie aan die end van die Manifes:

„Mar daar is daarom drie soorte van Afrikaners. Dit moet ons in die oog hou. Daar is *Afrikaners met Engelse harte*. En daar is *Afrikaners met Hollandse harte*. En dan is daar *Afrikaners met Afrikaanse harte*. Die laaste noem ons *Regte Afrikaners*, en die veral roep ons op om an ons kant te kom staan.”

Een van die gereelde beskuldigings, wat die teenstanders teen die Patriotmanne ingebring het, was dat hulle teen Hollands is. Om hulle bewering te staaf, het hulle met 'n groot mate van ingenomenheid 'n stukkie van 'n seker A. Herholdt uit die Patriot gesiteer. In sy „Afrikaanse Liidji” het hy o.a. gesê:

„Oom Lokomotief!
Jy is my so lief.
.....
Set Engels op sy,
Ons taal sal jy kry.
Werk Hollans mar uit,
Stuur weg met di skuit!
Ja, stuur hom mar weg
Na Holland — dis reg,
Ja stuur hom na huis!
Hiir hoort hy ni tuis.”

Dis maar wat 'n enkeling gesê het, nie een van die leiers nie en daarby het die Patriot hom terdeë op die vingers getik met die volgende: „Ons stem nog nie met hom same, dat die Hollans nou met die skuit moet weggestuur worde na Hol. and toe. Ons het Hollands ver-eers nog nodig.”

Aan hierdie opvatting het daardie manne getrou gebly, ten spyte van al die verdagmakery en slegsêery, en selfs vlae van twyfelmoedigheid. Met weemoed as ware, het ds. Du Toit in sy „71 Theses, of Stellinge”, waar hierdie kwessie uitvoerig behandel word by die 35e stelling, wat lui:

„Engels en Hollans het dan oek albei 'n bepaald vyandige houding aangeneem teen Afrikaans, en

di jonge taal moes stry teen di twe gevestigde magte"

in sy verduideliking geskryf:

„En di Afrikaanse boempi groei intussen langs di oue Hollandse stam op, en slaat syn arme vrendelik daarom heen, want hy voel solank as hy nog swak is het hy di steun nodig. Di dikke wortels van di oue boom beskerm syn jonge wortels teen di Engelse byl; di stywe tak beskut syn jonge lote teen storme, en di oue boom sterf tog lanksaam weg, en net so vinnig neem hy di plek in. En di oue eikeboom, in plaas van trots te wees op syn eie kind, wat so kragtig uit syn wortels opspruit en belooft eenmaal syn plek so wêrdig in te neem, stoot regtig syn eie kind af en seg: Né, weg! Jy trek net party van myn sap en vettigheid weg! Dis myn plek; ek wil hiir bly staan!

En tog groei di boempi op. Gen byl of pik doet hom skade ni. En an di ander kant, di oue boom sterf mar gedurig weg. Syn beskermers spit om hom, en goi mis, en lei water. Mar intussen trek di jonge boempi al di voordeel daarvan."

Ds. Du Toit het in hierdie saak selde teruggeslaan; hy was maar altyd bereid, om te verduidelik. Feite moes spreek en dié het hy op 'n aantreklike en logiese wyse aangevoer. Keer op keer het hy met groot waardering die name van die Hollanders genoem, wat ingesien het, dat Nederlands in Suid-Afrika nie 'n toekoms het nie en daarom warm voorstanders van die volkstaal geword het. So het hy vir Arnoldus Pannevis altyd 'n waarderende woord. In die verduideliking van die 24e stelling sê hy b.v. van hom: „Waarskynlik di grootste taalgeleerde wat Afrika ooit gesien het en di eerste verklaarde voorstander van di beoefening van Afrikaans as skryftaal." Verder word met eerbied genoem: dr. J. Brill van Bloemfontein en ds. Van der Lingen.

Nee die voormanne wou nie met Hollands breek nie: hulle het dié taal as die groot bondgenoot beskou. Hulle het selfs probeer om net waar hulle kan, Hollands te bevorder. Vroeër of later het hulle gemeen sou Afrikaans tog die oorwinning behaal. In die konstitusie van die Afrikaner-Bond was ds. Du Toit tevrede met die „landstaal", of dit nou Nederlands of Afrikaans was. In

die Patriot van 13 Junie, 1879 kom weer so'n raak stukkie voor:

„..... Dat die voorstander van Afrikaans oek verder *die langs moeglike behoud van Hollands sal help bevorder*, as 'n dam teen Engelse o'erheersing, wetende dat die toekoms ons toebehoor.”

In sy verklaring van die 43e stelling is ds. Du Toit weer baie duidelik en beslis:

„Dus om weer 'n beeld te gebruik. Hollands beskou ons as 'n stut om di jonge Afrikaanse taalplant te ondersteun. Mar by di dag word di jonge boompie sterker en di paal vrot weg. En as di paal di dag omval, dan kan di boompie oek al alleen staan ni. (Die „ni” aan die end is blykbaar 'n fout.—M.S.B.K.)

Mar ons ontveins dit ni, as ons gen kans siit om Afrikaans erkend te kry as offisiële taal ni, dan sou ons oek ni langer ywer ver Hollands ni. Dan hoe eerder Engels dit win, hoe beter.”

Ondubbelsinnig lê die 44e stelling neer:

„Afrikaans het sig dan oek nooit vyandig getoon teen Hollands ni, mar alle pogings tot behoud van Hollands teeno'er Engels ondersteun, in di o'ertuiging dat Hollands hiir tog di erfdeel is van Afrikaans.”

In die toeligtig van die 42e stelling het dit al gelui:

„Maar nou kom di vraag: watter van di twé, Afrikaans of Hollands, sal bly staan naas Engels? Op di punt is di menings verdeeld. Sal dit gen stryd gé ni?.....

Stryd, ja, mar gen vyandskap ni! Stryd, mar gen verdeeldheid ni. Dit mag ni. Di belang van albei partye eis dit. En di verskil moet ons goed in di oog hou.

Stryd is niks. Stryd is goed. Oral waar lewe is, is stryd. Net op di kerkhof is gen stryd. Vrinde en vyande leg daar almal ewe rustig same. Stryd ontwikkel di kragte. Storme suiwer di lug.

Mar dis hiir di belang van di 2 partye om teeno'er Engels same te staan, al is di kwessi van voorrang onder mekaar nog ni beslis ni.”

Ds. Du Toit het dit self getoon. deur die meeste van sy boeke, veral dié oor godsdienstige onderwerpe, in Ne-

derlands te skryf en die petiesies wat rondgestuur is, om vir Hollands in die parlement te vra, was afkomstig van die Patriotkantoor.

Die Patriotfirma het in die loop van sy bestaan duisende Hollandse boeke gedruk en versprei en baie het hulle uit Holland ingevoer. Die skool is ook nie vergeet nie. So het hulle uitgegee „Uw en Mijn Cijferboekje” en ’n stel Hollandse leesboekies in drie dele: „Fondamenteenen.”

Versiende was ook die politiek wat die Patriot in verband met die Taalbond, wat in 1890 gestig is, gevolg het. Hulle standpunt het hulle só uiteengesit:

„Verdeeldheid sal ons ni werk ni. Ons denk an di twe vrouwe met di kindji voor Salomo. „Volks-taal” dis ons kindji, mar ons het as ware moeder di kindji te liif om dit in twe te laat sny, dan staat ons dit liwer an di teenparty af, dis tog ons kind, en di Tyd, di troue Regter, . . . nog trouer en wyser in syn uitspraak as Salomo, sal di kindji wel op di regte tyd an di regte moeder gé.”

Die tyd het geleer, dat die Patriot reg was.

Die Afrikaners het hulle koerant en later hulle tydskrif, „Ons Klyntji”, gelees en toe daar eers ’n bietjie leeslus gewek is, het hulle ook die koerante, wat in Hoog-Hollands geskryf is, begin te volg en daarvoor ingeteken. Nederlandse boeke het meer aftrek gekry. So is die aarde geleidelik voorberei vir ’n nasionale ontwaking en die staatkundige beroerings, veral in die Noorde, moes nog net bykom, om dit in ligte laaie te laat uitslaan. Daardeur is die so nodige selfbewussyn geskep en die grondslag van die eenheid gelê, waarop die toekoms voortgebou kon word.

Ds. Du Toit het dit op taalgebied ook nie net by woorde laat bly nie. Hy, die leier, moes hulpmiddels verskaf —alléén, as dit nodig is, of met die medewerking van ander. So het daar, heeltemal aan die begin van die georganiseerde beweging in 1876, al verskyn „Eerste Beginsels van Di Afrikaanse Taal, uitgegee deur Di Genootskap van Regte Afrikaners”. In 1882 het daar ’n tweede druk gevolg.

Interessant is daarin „’n Kort woordji vooraf”.*

* Ons sêter uit die 2e druk.

Die Afrikaanse taal groei nog en daarom wil hulle „vooreers nog ni 'n Spraakkuns maak nes 'n jurkie om ver di Afrikaanse taal aan te trek ni.” En verder: „'n Afrikaner kan nou uit di *Eerste Beginsels* in 'n paar dage of weke net so goed leer om syn eie taal te skrywe as 'n Engelsman Engels, en 'n Hollander Hollans.”

In 1891 verskyn „Afrikaans ons Volkstaal. 71 Theses, of Stellinge,” neergeleg en verklaar deur S. J. du Toit.

'n Derde werkie oor die Afrikaanse taal is van 1897: „Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels” deur S. J. du Toit. Die tweede druk is van 1902. Hier het die „Eerste Beginsels van di Afrikaanse Taal” as leidraad gedien. In die „Foorrede” wys hy daarop dat die „Engels-sprekende bevolking fan Suid Afrika Afrikaans moet en wil en kan en sal leer, nes ons Afrikaners Engels.”

'n Endjie verder sê hy:

„Ons hoop dus 'n dubbele doel te beryk; fereers om di Afrikaner en Engelsman nader na makkaar toe te bring in di dagelikse léwe op maatskaplike gebiid; mar dan oek te beforder dat hulle makkaar beter leer ferstaan in di staatkundige léwe; want baing misferstand het ontstaan deur di ferskil in tale, omdat ons makkaar ni verstaan ni.”

Die belangrikste van hierdie uitgawes is egter die „71 Theses, of Stellinge”. Hierdie stellinge is oorspronklik voorgelees op die Taalkongres wat op die 31e Oktober, 1890, in Kaapstad gehou is. Ds. Du Toit was destyds nog in die Transvaal. Later is hulle in boekvorm uitgegee en daarby het hy elke stelling verklaar, toegelig en toegepas.

Die werkie is nog glad nie verouder nie en hoe meer ons dit bestudeer, hoe meer moet ons die bekwaamheid van die skrywer bewonder. Sy belesenheid en raak sette d'wing eerbied af. Daarby het hy die kuns verstaan, om sy saak goed te bepleit. Die punte word op 'n onderhoudende manier voorgedra en deurgaans het hy seker daaraan gedink, dat hulle vir die groot publiek verstaanbaar moes wees.

Elke stelling gee in 'n afgekookte vorm sy opvatting weer en dan siteer hy verskillende taalgeleerdes, om sy standpunt te verdedig. Hy noem nie alleen feite nie, hy vertel nie alleen hoe sake staan nie, maar hy skets ook

die verder ontwikkelingsgang. Die verlede, hede en toekoms kry daarin 'n plekkie en juis daarom het die boekie soveel waarde vir die tydgenoot gehad en het hy ook vir ons, die jongeres, nog nie uitgedien nie. Oor die algemeen is die verdediging goed. Net hier en daar is die bewysvoering oppervlakkig en is die slotsom miskien eensydig, maar wie struikel nooit nie? Ja, ons meen selfs, dat die boek met voordeel bestudeer kan word deur elkeen, wat wil help om 'n vaste taalpolitiek neer te lê.

Die onderwerp word op die volgende manier ingedeel:

Afrikaans as Taal; Afrikaans ons Moedertaal;
Afrikaans ons Volkstaal; Afrikaans ons Skryftaal;
Afrikaans ons Bybeltaal; Afrikaans ons Skooltaal;
Afrikaans ons Kerктаal.

Ons het in die voorafgaande al baie geput uit hierdie werkie van ds. Du Toit. Daarom is dit onnodig, om elke afdeling afsonderlik te behandel. Tog vind ons dit noodsaaklik om 'n paar van die stellings letterlik weer te gee, om veral te laat sien, watter opvattinge daardie stoere baanbrekers toegedaan was.

1. 'n Taal is 'n *organise*, ni 'n *meganise* ding ni; iits wat *gebore*, mar ni *gemaak* word ni; iits wat altyd *groe*, en nooit *kant-en-klaar* is ni.
5. Di Taal self is di hoogste wetgewer. Dus kan jy gen taalreels an 'n Taal voorskrywe ni, jy moet dit an di Taal ontleen. Di Skryftaal moet di Spreektaal volg, ni omgekeer ni.
10. Wat suiwerheid angaan is di Afrikaanse taal vandag di suiwerste tak van di oue Germaanse of Dietse taalstam, waaruit soveule nuwe tale gespruit het.
12. In *rykdom* behoef Afrikaans oek ni agter te staan ni, want ons het di hele ryke Germaanse taalskat om uit te put en di Afrikaner het syn praktiese aard getoon om uit di skat ruim te put en di woorde ver syn doel te gebruik.
16. Mar veral seer opmerklik is di *eenvormigheid* van di Afrikaanse Taal. Gen dialekte bestaan hiir soos byv. in Holland, waar di bevolking van een stad di van 'n andere stad ni verstaan ni. Van Tafelberg tot Soutpansberg praat di Afrikaner een taal.—(Dr. Brill.)

29. Di Taal is di Volk en di Volk is di Taal. Waar 'n *volk*, 'n *nasionaliteit* is, daar sal 'n taal wees. Taal en letterkunde hang onverbrekelik same met nasionaliteit. Albei groei same op.—(Dr. Brill.)
42. Dis di plig van almal wat teen di algemene o'erheersing van Engels in Suid Afrika is, om same te werk tot behoud van di Volkstaal, hoewel hulle onderling verskil angaande di vorm.
43. Afrikaans het meer geskiktheid daartoe, en oek meer lewenskrag teeno'er Engels hiir in Afrika as Hollans.—(Hoofregter Reitz).
46. Hoe eerder Afrikaans as offis'ële taal erken word, —waar Hollans dit nou is, en waar Engels te vèr di oppergesag aangeneem het, — hoe voordeliger ver di ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse nasionaliteit.
47. Di verwagting van 'n eie nasionaliteit, 'n eie beskawing, 'n eie letterkunde, hiir in Suid Afrika (gekoester deur onse edelste en geleerdste manne) is dus glad ni 'n ydele droombeeld ni, mar 'n heerlike ideaal ver Jong Suid Afrika!—(Dr. Brill.)
54. Deur Afrikaans te beoefen as skryftaal, goi ons di Hollandse letterkunde ni weg ni; di Afrikaner wat goed syn eie taal kan lees en skrywe, sal met meer vrug Hollans lees as di wat dit ni kan ni. (Hoofregter De Villiers.) Sodra ons 'n eie letterkunde het, waarin sig ons nasionale bewussyn afspigel, toon ons 'n nasionale ontwikkeling kragtig genoeg ver 'n eie beskawing. Mar solank as ons by Holland ter mark gaan ver geestesprodukte en alles daar moet gaan leen, praat ons verniit van 'n eie nasionaliteit.—(Dr. Brill.)

In die loop van die stuk word 'n hele klomp outoriteite aangehaal. Om maar 'n paar te noem: Whitney, Canon Farrar, Max Müller, Beets, dr. Mielck, Bilderdijk, Spalding, Grimm, dr. Brill, Roorda.

Op verskillende plekke word van beelde gebruik gemaak, want daardeur kon hy aan sy ongeletterde lesers soveel duideliker laat sien, wat hy bedoel.

Ons het al 'n paar sulke stukkies daaruit aangehaal, maar ons kan nie help, om ook die volgende nog te gee nie, veral ook omdat hierdie stukkies glashelder toon, dat ds. Du Toit deurgaans voet by stuk gehou het en daarby

vas geglo het in die uiteindelijke oorwinning van sy grondbeginsels.

In die 46e stelling waar hy praat van die erkenning van Afrikaans deur die staat, sê hy:

„Tot nou toe was ons doel net om di Afrikaner te laat verstaan: „Jy het 'n taal; di taal praat jy; di taal is ver jou onmisbaar; di taal is ver jou di beste; skryf di taal nes jy dit praat.” Di grote werk het ons nou so vèr gebreng, dat ons reken dis nou di tyd om di tweede hoofgedagte by di volk te laat ingang kry: „Di taal wat jy praat in jou huis, en op di mark, en in di Raadsaal, en wat jy lees in jou koerant, di taal moet erken word as offisiële taal in di Skool, in di Staat, in di Kerk, en oral.”

En 'n bietjie verder gaan hy weer voort:

„Dus ons eis is gen onredelike, gen voorbarige ni. Mar daarom des te beslister. Seg di voorstanders van Hollans en Engels: „Dit sal wel nog lank duur.” Ons antwoord is: „Ja ons werk met di kalme bedaardheid van di man wat seker is van syn saak; en dit sal altemit ni so lank duur as julle denk nie; juis omdat ons taal so maklik is. As julle een van julle tale so moes inwerk, ja, dan sal dit baing lank duur. Mar Afrikaans groei soos 'n inlandse boom, in syn eie grond en klimaat, wis en seker. Wil julle ons ni help ni; laat ons dan tog mar net vry en hinder ons ni. Dan is ons oek al tevrede. „Nou, billiker kan ons eis tog ni wees ni!”

Waar hy praat van 'n eie letterkunde sê hy:

„Snaakse redenering van party: Afrikaans is ni wêrd beoefen te worde as skryftaal ni, want daar is nog gen letterkunde in di taal ni. Wat? Di boom is ni wêrd om geplant en bewerk te worde ni, want hy het nog gen vrugte gedra ni? Eers di vrug en dan di boom! Dis mooi, nê!”

Maar genoeg. Vergelyk ons die opvatting wat die „Patriotters” op taalgebied daarop nagehou het met dié van O. Jespersen—'n taalgeleerde met 'n internasionale vermaardheid—in sy „Language, its Nature, Development and Origin”, dan kan ons nie help om te dink, dat hulle hul tyd taamlik ver vooruit was nie. Dit geld ook vir hulle spelling, want deur oral *f* i.p.v. *v* te skryf en *y*

i.p.v. *ei* het hulle hierdie lastige kwessie baie vereenvoudig. Ongelukkig het dergelike „nuwighede” die oë van die Afrikaanslesende publiek seer gemaak!”

Ons het veral probeer, om daardie baanbrekers self, en veral hulle leier, aan die woord te bring. Hulle was manne van beginsel, maar deur wanvoorstellings en die persoonlike element, wat in sulke sake altyd die meeste op die voorgrond gesleep word, het meer as een van die groot publiek, wat dit opreg gemeen het, maar ongelukkig op hoorsê gegaan het, ’n skewe voorstelling van hulle doel en strewe gekry. Tot vandag toe leef daar by die ouer geslag nog allerhande legendes in verband met hulle optrede. Maar dis heeltemal natuurlik, want

„Het kwaad, dat mensen doen, leeft na hen voort;
’t Goed wordt vaak met hun gebeent’ begraven.”

Vandag lê daar ’n halwe eeu tussen ons en hulle eerste georganiseerde optrede. Ons kan hulle werk nie vergeet, of verkleineer nie, want ons pluk oral rondom ons die vrugte daarvan. Ons betrag hulle werk vandag gelukkig meer en meer uit die regte perspektief.

Hulle het die moed gehad, om reguit vorentoe te beur, met die oë op hulle ideaal gerig, sonder om na „links of regs te wyk.” Hulle het dit die moeite werd geag, om daarvoor te spook. Vader Tyd het geleer, dat hulle dit aan die regte end beetgehad het.

Hulde aan hulle!

En nou?


Ons het nog net ’n paar van die Genootskappers onder ons en dit is opvallend dat een van hulle, mnr. G. R. von Wielligh, net soos sy ou leier, nooit moeg word om daarop te wys, dat Afrikaans suiwer gehou moet word nie, veral omdat Afrikaans so maklik nuwe, skilderende samestellings vorm. Dit toon hy weer vir die soveelste keer in „Ons Geselstaal” aan. In die eerste druk van sy „Eerste Skrywers” sê hy o.m. die volgende, wat ook betrekking het op die werk van die „Patriotters”:

„Volg die skryftaal en let op hoe ongemerk, dog gewis, die Afrikaanse invloed die oorhand gekry het—maar net tot waar die Genootskap die taal gelos het. Nou lyk sommige stukke al baing na Afrikaans-Hollands in plaas van suiwer Afrikaans.....

Nou is die geroep van die later beweging: *Ons verryk ons taal met sulke uitdrukkings!* Ja dit

mag so wees; maar dan ten koste van ons eie sinswendings of uitdrukkings — die karakter van Afrikaans is daarmee gemoeid—dit word dan 'n ander taal en verdraai ons gedagtegang. En dit het die ou Genootskap en sy skrywers wou voorkom.....”

En wie van ons wat die Afrikaanse geskifte taamlik noukeurig volg en wat die raak beeldende vermoë van die volkstaal lief het, voel ook nie baie keer, dat al die „vreemde” ontlenings nie almal verbeterings is nie? Wie weet, 'n puristiese stormpie in die 20e eeu kan dalk baie doen om ons taalatmosfeer te suiwer!



HOOFSTUK IX.

DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS EN DIE BYBELVERTALING.

Deur Prof. Dr. J. D. DU TOIT.

DIT was 'n uitnemende gedagte om 14 Augustus 1875, feestelik te herdink. Die jong manne, lede van die Afrikaanse Studentebond het ons daaraan herinner dat toé die eerste haangekraai gehoor is, die eerste wekstem in die nag van taalslaap.

Hulle het ons herinner aan die feit dat Augustusmaand vir ons ook simboliese betekenis het. Net soos dán deur die natuur 'n roering gaan—inwendig nog, nouliks sigbaar—wat die naderende lente aankondig, so is toé in ons volksbestaan gevoel die eerste roersels van taallewe en selfbewuswording.

Deur ons aan hierdie dinge te herinner het die jong manne van die Afrikaanse Studentebond getoon dat hulle entoesiasme besit. Entoesiasme is vir my die groot-dink oor groot dinge en groot manne. Dit dóen die jong Afrikaners dan ook wat vir ons oproep om feestelik saam te wees. Hulle wil groot-dink oor 'n groot gebeurtenis en oor groot manne uit die tyd van vyftig jaar gelede.

Ongelukkige is daar nog altyd enkele persone wat klein-dink oor die groot werk wat gedoen is, wat nie verlos kan word uit die nou kerker van hulle vooroordele en gevoelighede nie; maar dit mag ons nie verhinder

om huldebetoon te bring aan manne wat lank genoeg gesmaad is en dit waarlik nie langer verdien nie.

Die manne wat ons met ons hulde wil vereer, is amper almal dood, sodat die gevaar van selfverheffing by hulle en van vleitaal by óns afgesny is. Die paar wat nog lewe is te oud en te gewoond aan smaadheid om nou nog hoogmoedig te kan word.

In die geval van die Genootskapsmanne het ons baie laat met ons verering begint; maar dit hoef op sigself geen nadelige gevolge vir die nagedagtenis van dié manne te hê nie.

Inteendeel, hoeveel manne het ons geken wat gedurende hulle lewensdae baie populêr was en baie hooggeëer, maar wat van die dag van hulle dood af altyd minder geword het. Hulle nagedagtenis het gedurig kleiner vertoon en het eindelijk totaal verdwyn. Dit is *die manne van die dag*. Daarteenoor het ons ander geken wat in hulle leeftyd stil en onder miskenning voortgewerk het, wat op die dag van hulle begrafnis maar 'n handjievol bewonderaars om hulle lykkis kon versamel, maar wat ook van dié oomblik af altyd meer bewonder en geëer is. Hul nagedagtenis het stadigaan groter geword; hul beeltenis het bo die geestelike luglyn hoër en hoër geklim voor die oog van 'n dankbare nageslag. Dit is *die manne van die eeu*.

Die Voortrekkers (om 'n voorbeeld te noem) is deur hulle tydgenote misken en vir rebelle uitgeskel, en hulle het lank in die diepte van 'n groot onbekendheid verdwyn. Maar noudat hulle dood is, word hul groot werke gesien. Nou is daar algemene waardering en die smaadstem moet swyg.

Onder die manne van die eeu reken ons ook die oprigters van die Genootskap van Regte Afrikaners. Die Voortrekkers het vir ons 'n *vaderland* nagelaat; maar daardie Voortrekkers op taalgebied het vir ons 'n *moedertaal* laat erwe. En, al het Engeland ons onafhanklikheid weggevat, ons vaderland sal bly; en ons moedertaal—dié kry hulle nooit meer dood nie, of dit moet wees dat hulle ons almal nek omdraai.

* * * *

Die naam waarmee die manne van 1875 hulle self genoem het, bevat 'n teëstelling. Hulle het opgetree as „Opregte Afrikaners” teenoor die ander wat na hulle be-

skouing „Slegte Afrikaners” was. By hierdie laaste benaming het hulle veral gedink aan die klas Afrikaners wat onder invloed geraak het van „getabberde Skotte”, soos die „Patriot” hulle by voorkeur genoem het — manne uit die buiteland wat aan ons hoëskole die seggenskap gehad en deur hulle leerlinge ons volk in ’n verkeerde koers gestuur het.

Hoe het dit gegaan in ’n laerskool wat onder beademing van die Skotse gees was? Ekself het daagliks die rytjie moes aflowp: Reading, Parsing, Dictation, ens. Nommer laaste was gewoonlik ’n Recitation. Jy moes dan voor die klas gaan staan om met die nodige handgebare en die nodige stembuiging te resiteer: “The boy stood on the burning deck!” Weinig het ek toe kon dink dat ék die „boy” was wat op die „burning deck” gestaan het, in gevaar van verbranding as daar nie betyds redding gekom het nie!

En hoe het dit gegaan in die meisiesskole waar die „getabberde Amerikaanse dames” as volksopvoeders hulle wysheid laat hoor het? Ons Afrikaanse dogters is dáár so grondig verknoei dat hulle dit werklik as ’n groot eer gereken het om hulle eie moedertaal met ’n vreemde aksent te praat!

Gelukkig, op inisiatief ook van die manne van 1875 het daar ’n totale kentering gekom. Ons het ons egte Afrikaanse nôiens teruggekry, en ons jong manne wat nou feesvier, kan die Geëotskap daar reg dankbaar voor wees.—

Selfs die paar skole wat destyds nog nasionaal in gees en strekking was, kon hulle nie heeltemal ontworstel aan die suigkrag van die verkeerde stroom nie. Dit blyk o.a. uit die aanwesigheid van die „plak”, ook in sulke skole.

Wat was die plak? Gelukkig die geslag wat daardie ding nie meer ken nie! ’n Plak was ’n plank, of liewers ’n plankie wat ’n seun of dogter by hom of haar moes dra, omdat hy of sy gedurende skoolure per ongeluk, uit spontane natuurdrang, Afrikaans (of soos ons gesê het: Hollands), gepraat het!

Die arme kind moes dan met die plank loop, totdat hy die kans kry om ’n ander kind op dieselfde „misdaad” van Afrikaans-praat te betrap. Hy of sy wat by die sluiting van die skool in die agtermiddag besitter van die plak was, moes swaar gestraf word.

Verbeel jou so iets. Waar het jy in die wêreld van ’n

nasie gehoor wat vir sy kinders 'n verbod opgelê het om hulle eie taal te praat? Ons is behandel soos 'n kalf wat 'n plank op sy neus kry, dat hy nie aan sy ma kan suip nie!

Maar gelukkig, „ons lyde is verby”. Afrikaans het in die kombuis begint en het vir hom 'n pad gebaan dwarsdeur die huis, deur eetkamer en voorkamer, ja deur raadsaal en skool en kerk. Oor die hele Unie sien ons die triomf van die manne van 1875.

* * * *

Die taaltriomf is kompleet.

Maar het ons ook in ander opsigte getrou gebly aan die ideaal wat in 1875 so hoog opgeskitter het?

Wat het van die Bybel geword in ons volkslewe? Het ons onthou die woord wat Ds. S. J. du Toit geskrywe het op die eerste bladsy van sy brosjure *Die Bybel in Afrikaans*: „Liewers 'n ongeleerde Afrikaner met sy Bybel, as 'n geleerde Europeaan sonder God en sy gebod”.

Het ons vergeet wat Ds. Du Toit in daardie selfde boekie sê, ook op die eerste bladsy: „Die ware Aanleiding tot die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners en die ontstaan van die hele Afrikaanse Taalbeweging was die begeerte om die Bybel in ons Volkstaal te kry.”

Die werk van die Genootskapsmanne in al sy vertakings was 'n sukses. Net wat vir hulle die liefste was, wat naaste aan hul hart gelê het—(want die treffendste en skoonste kenmerk van die manne van 1875, was hul opregte godsvrug) — het agterweë gebly, naamlik die Afrikaanse Bybel.

In die saak van die Bybelvertaling is daar gebrek aan entoesiasme, en dit lyk of die sleur, die gewoonte, die ou gewoonte by 'n groot deel van ons volk sal bly regeer. By sommige persone en in sommige kringe is daar groot belangstelling; maar ek vrees dat baie vergeet het dat die ontstaan van die hele Afrikaanse Taalbeweging was die begeerte om die Bybel in die volkstaal te besit. Dié Bybel is daar nóg nie. Is die „begeerte” dan nie verflou nie? Want wat ons volk sielsinnig begeer, moet en sal hulle ook verkry.

* * * *

Van die sukkelpad wat die Afrikaanse Bybelvertaling geloop het, het ek in die biografie van my vader 'n skets

gegee. Ek sal nie herhaal wat daar gesê is nie en my by 'n paar aanstippinge bepaal.

Mnr. Pannevis het eerste aan die alarmklok getrek deur sy brief wat hy in 1874 aan die Britse Bybelgenootskap geskrywe het. Vir baie, sê hy, moet die Hollandse Bybel as 'n „geslote boek” beskou word. Baie in die Kaapkolonie is sonder enige Bybel, „en dit is ongetwyfel een van die redes van die snelle agteruitgang van die Koloniste, veral van die gekleurde bevolking. 'n Vreeslike vooruitsig lê voor ons! Die Bybel alleen kan ons help!”

Mnr. Pannevis het gereken dat die Bybel daar en dan moes kom, en het dan ook Ds. S. J. du Toit as vertaler aangewys.

'n Brief van die Bybelgenootskap aan Ds. Morgan, hulle sekretaris in Kaapstad, is aanleiding dat met Ds. du Toit gekorrespondeer word oor die saak. Laasgenoemde bring dit voor die aandag van enige vriende in die Paarl en distrik; 'n vergadering word belê op 14 Augustus 1875, „en dit was meteen die dag waarop beslote werd om 'n Genootskap op te rig.”

Ds. du Toit en sy medestanders was egter nie so baie haastig soos mnr. Pannevis nie. Hy wou die taal eers 'n kans gee om te ontwikkel. Eers in 1878 word deur die Genootskap „in beginsel aangeneem dat die tyd daar is om die Bybel in Afrikaans te vertaal.” Let wel, sê die „Patriot”, daar staan om te vertaal, nie om dadelik uit te gee nie.

Op dieselfde vergadering het hulle besluit dat uit die grondteks sal vertaal word. Die antwoord op die vraag: *Wie dit moes doen?* was 'n opdrag aan die bestuur om 'n Kommissie aan te wys.

In die begin van 1884 het twaalf manne in die Paarl bymekaargekom en ná drie vergaderings het hulle insake die Bybelvertaling besluit: 1) Om dadelik te begin met voorbereidende stappe, 2) om 'n werkende komitee te kies, 3) om deur die komitee 'n Ope Brief te versprei onder belangstellendes.

Die antwoord op die Ope Brief was: Bydrae £57 15s 6d., Toeseggings en Aandele £669 2s. 0d. Maar soos gewoonlik in Suid-Afrika: „Die drukkende tyd wat toe juis begin het, het die uitvoering onmolik gemaak deur gebrek aan middele” — so lees ons.

In September 1885 word besluit „om met die werk te

begin", wat nou definitief aan Ds. S. J. du Toit, destyds Superintendent van Onderwys in Transvaal, opgedra word. Sy eerw. kry instruksie om „hoofsaaklik die nuwe Engelse vertaling" te volg, terwyl hy soveel moontlik moes aansluit by die segswyse van die Statevertaling. — „U" moet gebruik word in plaas van „jy" en „jou", en „Hem" in plaas van „Hom", waar van die Here gespreek word. — Ds. du Toit se werk moes uiteindelik nagesien word deur 'n kommissie en deur die professors van Stellenbosch'. Só lui 'n paar punte van die instruksie.

Intussen — in — 1886 het die saak van die Bybelvertaling voor die Kaapse Sinode gekom. Wat die resultaat was, kan wel vermoed word.

Ds. F. S. du Toit het die pleit ten gunste van 'n vertaling gevoer, en Ds. Jooste met ouderl. Steyn het hom „op kragtige wyse ondersteun"; maar dit was ook al. Hulle was hopeloos in die minderheid. Een ouderling het hom geëger „aan die voorstaan van so'n afskuwelike taal as die van die „Patriot" deur mense van opvoeding. Hy het die „Patriot" stukkend geskeur toe hy dit die eerste onder die oë kry. As Ds. du Toit (so sê die verslag verder), die vergadering in die 'Patriots' toegespreek het, dan het dit algemene skandaal veroorsaak. So'n taal Kaaps-Hollands te noem, was 'n skande.

Anders het die saak geloop op die Vrystaatse Sinode van die Ned. Ger. Kerk wat ongeveer dieselfde tyd bymekaar gekom het. 'n Beskrywingspunt rakende die Bybelvertaling is toe ingestuur deur Di. van Niekerk, Joubert en W. du Toit. Op aandrang van die Sinode het hulle ewenwel die punt teruggetrek met opgaaf van hierdie redes: „1) De Synode is niet voor de bespreking van deze zaak; 2) wij bedoelden het welzijn van de godsdienst en het wordt ons hier verzekerd dat de bespreking een gevoel van bitterheid zal verwekken, en dat willen wij niet gaarne veroorzaken; 3) De Bijbel zal toch in het Afrikaans vertaald worden, of wij de zaak bespreken of niet, ze goed- of afkeuren. Alleen spijt het ons dat de Kerk van de Oranje Vrijstaat in deze nu niets zal te zeggen hebben."

Opmerklik daardie laaste woorde. Later, nadat die Twede Taalbeweging die harte vir Afrikaans gewen het, was dit juis die Sinode van die Vrystaatse Ned. Geref. Kerk wat, op voorstel van Dr. N. J. van der Merwe, die saak van die Bybelvertaling weer opgevat en ander Kerke

vir samewerking uitgenooi het. Aan die taak wat toe begin is, word nog elke dag voortgearbei en—die Kerk van die Oranje Vrystaat het in die saak wél iets te sê gehad!

Maar ons moet weer teruggaan na die werk van Ds. S. J. du Toit toe; want verder sou dit hoofsaaklik hy wees wat tot die end toe moes beur.

In 1889 het Ds. du Toit bedank as Hoof van die onderwys in Transvaal om hom geheelenal te kan wy aan wat hy as sy besondere lewenstaak beskou het. In dié jaar het hy gepubliseer sy brosjure wat ons alreeds vermeld het. Daarin het hy sy drie proewe van vertaling aan belangstellendes voorgelê en aangetoon: 1) Wat in die saak al gedoen is; 2) wat die verhouding van die skrywer is, en 3) wat die plan van die werk is.

Ongelukkig het Ds. du Toit in 1890 al sy besittings verloor, sodat hy arm na die Paarl toe terug moes gaan. Ewenwel het hy sy lewenstaak nie gelos nie. Onder gewysigde en beswarende omstandighede het hy aangehou. Onder allerhande ander werk deur en in snipper oomblikkes, dikwels aan die nag ontwoeker, het hy vertaal Genesis, Mattéus, Openbaring, Psalme, Hooglied, Handeling, Markus, terwyl 'n deel van die Lukas-Evangelie in handskrif aanwesig is.

Opmerklik is wat Ds. du Toit skrywe by die uitgawe van Markus in 1908: „Met die vertaal en uitgee van Markus-Evangelie begin ons nou die boeke van die N.T. in gereelde volgorde te neem. . . . Elke Sondagaand wy ons aan die Bybelvertaling en begin ons met 'n gebed: dat die Here ons deur Sy Gees mag gelei en bestuur in die vertaling en tegelyk ook die hart van ons volk mag voorberei om sy Woord in ons taal met vreugde en dankbaarheid te ontvang.”

Nie alleen het Ds. du Toit vertaal nie, maar hy het tegelykertyd ook verklaar, sodat die verskillende uitgawes alles tesame 'n groot Bybelwerk geword het.

Maar die dood het skielik 'n end gemaak aan daardie vrugbare lewe, daardie onverwoesbare volhardingsvermoë, daardie onverbreekbare trou en toewyding. Ander moes die taak opvat en sal, as dit die Here behaag, die volk inlei in die Kanaän waar Ds. du Toit nie mog ingaan nie.

Al was dit aan Ds. du Toit nie gegee om die taak af te werk nie, sy naam sal ewenwel met skitterende skrif

vermeld word in die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling. Want hy is diè grondlegger en hy het die nasie ryp gemaak vir die ontvangs van die Afrikaanse Bybel.

Sy naam vermeld ons met eer! En mag ons volk hom sowel as sy medestanders volg in hulle eerbied vir en troue toewyding aan die onfeilbare openbaring wat God vir ons in Sy Woord gegee het!

Ons gee ten slotte nog 'n aantal proewe van Bybelvertaling, sodat die leser enigsins kan oordeel oor die werk van die Voortrekkers op hierdie gebied—*hoe* hulle hul taak opgevat en watter *metode* hulle gevolg het.

Ons spreek van Voortrekkers nie alleen omdat meer as een Genootskapsman Ds. du Toit bygestaan het nie, maar ook omdat daar inderdaad meer as een poging beproef is om die Bybel in Afrikaans te versprei.

Ons het byv. insage gehad van 'n manuskrip, in die handskrif van mnr. C. P. Hoogenhout, wat getitel is: „Die Ewangelie volgens die beskrywing van Markus. Na die Hollandse vertaling van die State Bybel.” Verder lees ons op die tittelblad dit: „Uitgewe door enige voorstanders van Bybelverspreiding. Mark. 16:15, 1 Cor. 14:6, Openb. 7:9. Mog die Heer dit segen!—Gedruk by Smuts en Hofmeyr, 11 Kasteelstraat, Kaapstad, 1878.” (Die boekie is egter nooit gedruk sover ons weet nie.)

Die „Voorrede” laat ons hier volg: „Onder afsmeeking van des Heeren bystand en zegen hebben wy deze vertaling van het Evangelie van Markus in het Kaapsch-Hollandsch* vervaardigd door ondervinding overtuigd zynde, dat zulks voor duizenden in Zuid-Afrika eene ware behoefte is. Wy hebben ons hierin zoo na mogelyk aan den Hollandschen Staten-Bybel, die hier algemeen in gebruik is, gehouden en alle *onnodige* „platheid” vermeden. Wy bidden en hopen, dat deze proeve van Bybelvertaling de voorlooper moge zyn van eene waardige overzetting der gansche Heilige Schrift, wezenlyk geschikt voor de bewoners dezer streken, en door mannen, allezins voor die taak bekwaam, bezorgd. Moge het onzalig vooroordeel tegen eene taal, welke even goed als eenige andere ter wereld, haar regt van bestaan, erkenning, en beoefe-

(*) Daar het in die M.S. eers gestaan „Afrik.”, maar dis doodgetrek.

ning heeft, spoedig ophouden, opdat die genade haren vryen loop hebbe! Kaapkolonie, January 1878."

Van hierdie karakteristieke voorrede volg dan nog 'n vertaling in Engels.

Wat die aandeel van Ds. du Toit by hierdie onderne-
ming was, weet ons nie.

Laat ons nou nog letterlik afskrywe en aan die leser voorlê die eerste verse van Markus volgens hierdie ver-
taling:

„1. Hoofstuk.

Die begin van die ewangelie van Jesus Christus, die
Soon van God.

2. So als in die profete geskrywe is: Siet, Ik stuur
myn engel voor u aangesigt, die u pad voor u uit sal klaar
maak.

3. Die stem van die roeper in die woestyn: Maak die
weg van die Heer gereed, maak regt syn pade!

4. Johannes was besig om te doop in die woestyn, en
om te preek die doop van die bekering tot vergiffenis van
die sonde.

5. En die hele Joodse land gaan daar na toe, en die
wat in Jerusalem woon; en word aïmal van hom gedoop
in die Jordaan, terwyl hulle hulle sonde bely.

6. En Johannes was gekleed met kameelhaar, en met
een lere band om syn lyf, en hy leef van sprinkhane en
wilde heuning.

7. En hy preek en seg: Na my kom Hy die sterker is
als ik, en ik is nie waardig om te buk en die riem van syn
skoene los te maak."

Inderdaad in bāie opsigte 'n interessante proef!

Nou laat ons afdruk die eerste verse van Genesis soos
deur Ds. du Toit in 1889 vertaal en opgeneem in sy bro-
sjure: „Die Bybel in Afrikaans”:

1. In di begin het God di hemele en di aarde geskape.
2. En di aarde was woese en leeg en duisternis was
op di angesig van di afgrond en di Gees van God was
and' broei op di angesig van di waters.

3. Toen seg God: „Lat daar lig wees!” en daar was
lig.

4. En God siet di lig, dis goed. En God skei di lig
af van di duisternis.

5. En God noem di lig Dag. en di duisternis nōem
Hy Nag. En daar was aand en daar was oggend, een dag.

6. Toen seg God: "Lat daar lug wees in die midde van di water, en lat dit 'n verdeling wees tussen waters en waters."

7. En God maak di lug en verdeel di waters wat onder di lug is van di waters wat bo di lug is; en dit was so.

8. En God noem di lug Hemele. En daar was aand, en daar was oggend, 'n tweede dag.

Die Evangelie van Mattéus het in 1895 verskyn. Daar lees ons in hd. 2:7—10 (ons gee die spelling telkens letterlik weer):

7. Toen roep Herodes stilletjies di geleerde manne, en verneem ter dége van hulle di tyd toen di Ster verskyn is.

8. En hy stuur hulle na Béthlehem toe en sê: Gaan nou en ondersoek ter dége na di kind, en as julle Hom gekry het, kom vertel dan ver my, dat ek oek kan kom en Hom anbid.

9. En toen hulle di koning gehoor het, gaan hulle weg. En kyk, di Ster wat hulle gesiën opkom het, gaan voor hulle uit, totdat dit kom en bly stil staan op die plek waar di kind was.


10. En toen hulle di Ster siin, was hulle regte bly met grote vreugde.

Ten slotte gee ons 'n proef uit die Psalmboek. Die begin van Ps. 25 lui in die vertaling van Ds. du Toit as volg:

1. Fan Dawid.
Tot U, ô Jehowa hef ek my siil op.
2. ô Myn God, op U het ek fertrou, laat my ni beskaamd worde ni;
laat myn fyande ni o'er my triomfeer ni.
3. Ja, nimand wat op U wag sal beskaamd worde ni;
hulle sal beskaamd worde wat troueloos handel sonder oorsaak.
4. Maak my uw wege bekend, ô Jehowa!
leer my uw paje.
5. Lyd my in uw waarhyd en leer my;
want U is di God fan myn saligheid;
op U wag ek di hele dag deur.
6. ô Jehowa, gedenk an uw ontferminge en uw weldadighede;
want hulle is fan eeuwighyd af.

7. Gedenk tog ni an di sonde fan myn jeug en an myn
o'ertredings ni;
gedenk an my na uw goedertirenhyd,
om uw goedhyd ontwil, ô Jehowa!

Ons het enigsins uitgevoerig aangehaal om die leser
te laat kennis maak met die groot werk wat deur Ds. du
Toit gedoen is. Ongelukkig is hierdie pragtige voorar-
beid min bekend, en word dit nog minder gewaardeer!



HOOFSTUK X.

INVLOED VAN DIE VOLKSPOESIE OP DIE EERSTE TAALBEWEGING.

Deur Dr. S. J. DU TOIT.

DIE ondergrond van die kultuur, dit is die gebied waarvan die Volkskunde 'n studie maak. Hierdie *onderkultuur* word in sy suiwerste vorme aangetref in streke met 'n oorweënd landelike bevolking: waar die stad die land oorwoeker swyg gewoonlik die singende en digtende volksiel..

In Suid-Afrika vorm die Hollandssprekende deel van die maatskappy in hoofsaak so'n plattelandsbēvolking: landbouers en veefokkers is die oorgrote meerderheid van ons nasie altyd gewees. Dit sou dan ook met die volste reg ter wêreld wees as die folkloris hier 'n ryk veld vir sy navorsingswerk sou verwag. En tog, wie met hierdie veronderstelling op stofversameling uittrek sal hom jammerlik bedroë vind, want in vergelyking met wat daar vir die volkskunde op die platteland van Europa nog te hale is, sal die oes op die vlaktes van Suid-Afrika 'n baie skrale blyk.

Al dadelik dring die veronderstelling hom aan ons op, dat die verlies van volkskundige, dus onderkulturele elemente in ons land die gevolg sal gewees het van 'n hoër kultuur, wat verplasend gewerk het op 'n meer primitiewe; dat dus ons verlies in werklikheid 'n wins was. Die teendeel is egter waar: ons verlies was 'n verarming. In plaas van ou sages saans om die vuurherd het daar hier

gekom spook-, jag-, en vrystories, dinge van dieselfde soort as die ou oorleweringe, maar tog jonger, nugterder, en, van 'n folkloristiese standpunt uit, minder belangrik.

Die beskawing het by ons nietemin, wat sy geestelike, en veral sy mondeling-literêre inhoud betref, 'n onderkulturele gebly.

In nog ruimer mate as by die volksage mag in verband met die te gronde gaan van ons volkslied van 'n verarming gepraat word, want hier was daar veel minder kans om 'n plaasvervanger te vind; wat daar aan volksliedjies bewaar gebly het was gering in aantal, en selde van die beste in hulle soort.

Vir die groot massa van Afrikaners was dus 'n dertig, veertig jaar gelede wêreldlike poësie so goed as iets onbekends behalwe vir sover dit onder hulle verteenwoordig was in dun reste van die ou onderkulturele volkspoësie, met name die volksliedjie. Tekenend is dat die woorde „gedig” en „poësie”, ofskoon nou reeds ingeburger, tog selfs vandag nog 'n vreemde smakie weg het vir die alledaags-Afrikaanse taalgevoel; „versie” is die woord waarmee enigsins minagtend gewag gemaak word van al wat maat en rym vertoon.

Nou, dit was grotendeels tot hierdie volkslae, nog weinig gevorm deur bokulturele invloede, dat „Di Patriot” en „Ons Klyntji” hulle in die dae gerig het, en van wie hulle oorspronklike gedigte ter plasing verlang het. Dit spreek vanself dat mense vir wie die volksliedjie so goed as die enige vorm was, waarin hulle die stem van die Muse ooit verneem het, beswaarlik ander, meer verintellektuelede vorme vir hulle persoonlike uitinge-in-rym sou skeep, veral waar, soos metterdaad geblyk het, hulle op die koop toe ook nog geen digters by die grasiae Gods was nie.

Dit is interessant om na te gaan tot watter onderwerpe tal van die gewone bydraes in prosa sowel as in rym hulle in die kolomme van hierdie tydskrifte bepaal: dierstories, jagverhale, spookgeskiedenis, liefdesavonture en vrystories, danspartybeskrywinge, moppe en aardighede, presies dus dinge wat saans om die vuur deur die jare heen oorvertel word, stof wat by die volkskunde tuishoort of op weg daarheen is. Dit is juis die moderniteit van baie van die dinge wat ons literêre-historisie omtrent hulle ware aard 'n rat voor die oë gedraai het. As voorbeeld mag dien 'n spesifieke kinder-

rubriek van die jagverhaal, die „tierstorie”. Wanneer in ’n Suid-Afrikaanse kinderkamer al die verhalé op is, word daar gewoonlik om ’n tierstorie gevra. Ook „tier-stories” verskyn keer op keer in „Ons Klyntji”.

Tussen wat die een in prosa vertel en die ander in rym is die verskil in artistisiteit gewoonlik gering. Soms kom daar ’n beryming van een of ander welbekende sprokie voor; tekenend is so’n tiel: „Die besemstok, ’n storie onder ons Afrikaners goed bekend.*

Ook die literêr, of teologies gevormde leiers het, hetsy uit artistieke onmag, hetsy uit pedagogiese en propagandistiese oorweginge, nooit die meer artistieke kuns-vorme, wat uitsluitlik op ’n bokulturele niveau tuishoort, nagestreef nie: daar kom in die hele reeks jaargange van „Ons Klyntji” nie ’n enkele sonnet voor nie. Hulle beoefen, ook in hulle politieke en propagandistiese verse die lied, en daarnaas, oorspronklik en in vertaling, die populêre ballade.

Dit gebeur soms dat so’n ballade niks anders blyk te wees as die modernisering van ’n reeds bestaande volksliedjie nie. So een is *Helena en Eduard*, wat nog ’n keer met ander woorde en ’n ander enscènering die geskiedenis vertel van die aloue „Daar Zou er een magetje vroeg opstaan”. Nog in meer liedere keer so ongeveer dieselfde motief terug.

Soms word ’n welbekende volkslied tot politieke vers omgewerk. Dit is die geval waar „Jannie trou jou lewe nie(t)*** die nuwe vorm kry van „Janni, trou gen vreemde vrou”. Hy word gewaarsku teen ’n huwelik met ’n Engelse, Franse, Portugese, Duitse, en telkens word ’n rede opgenoem waarom so’n verbintenis nie kan gelukkig wees nie.

Ook op die dansliedjie „Oompie, oompie, dit is waar, Sonder ’n nooi is al te swaar” word dieselfde prosedure toegepas; dit word:

„Oompi dit is daarom waar

Sonder ons taal kom ons ni klaar.”

Hierdie volksliedjie moet veel aantreklis bevat het as model vir insenders van „oorspronklike” gedigte; ook

(*) *Afrikaanse Gedigte* ens. Paarl Druipers My. Beperk (1906).

(**) In my dissertasie, *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* word hierdie lied op bls. 262—265 aangegee.

later nog vang W. H. Leonard sy gediggie op Nuwejaar aan met

„Ons Klyntji, dit is daarom waar,
Ons jonges kry dit al te swaar.”

Op meer as een plek, dus, in vorm en in bewoording, dring die onderlaag van volkskuns bo die dun gewas van verse oor vrae van die dag telkens weer tevoorskyn.

Hoe daar, wanneer die politiek uitgeskakel word en die insenders op eie geestelike voorraad moet teer, weinig méér oorbly as naakte onderkulturele volkspoësie, bewys die jaargange van „Ons Klyntji”. Heel vroeg al maak die redakteur ’n beroep op sy lesers om „ou-Hollandse” liedjies toe te stuur. Hieraan word gretig voldoen ook met „ou-Afrikaanse”.^{*} Verder word nog oorspronklike Afrikaanse gediggies gevra. Ook dié stroom toe, maar die oorspronklikheid is soms van verdagte allooi. Dit is opmerklik hoeveel liedere van Hollandse digters en ook vroeër verskene Afrikaanse hier toegestuurd word as oorspronklike werk. Die insenders vir wie die redakteur ten onregte van oneerlikheid beskuldig, enkel gewend aan die onpersoonlike volkslied, die eiendom van elkeen wat hom maar kan sing, was nie in staat om onderskeid te maak tussen hierdie soort gedig en moderne deur die outeursreg beskermde, kunspoësie nie.

Van die neiging om van reeds bestaande volksliedjies te maak ’n vorm om eie digwerk in te giet bly „Ons Klyntji” ook verder voorbeelde lewer. Die lied *Ferlange om terug te keer* (O.K. IV 13.) waar ieder vers van aanvang met

„Mashonaland! o laat my staan,
Dat ek nou na myn land kan gaan”,

is hier ’n illustrasie van. As model het gedien

„O Brandewyn laat my staan!
Dat ek na my huis kan gaan”,^{**}

’n bekende danslied. Soms word egter ook nog volgens ’n ander metode gewerk; slegs enkele woorde, versreëls of koeplette in die een of ander volksliedjie word verander en die so ontstane komposisie dan opgedirk as oorspronklike werk. Van dié soort verskyn daar in O.K. IV ’n „Klaagliid fan Dani syn Bruid”, deur L. M. Hal-

(*) *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* bls. 210 vlgg.

(**) *Suid-Afrikaanse Volkspoësie*, bls. 181.

gryn, wat begin met „Hier lê myn Dani in di graf”,
maar oock as volkslied voorkom met die beginreël:

„Hier lê my meisie in die graf.”

'N ander gedig, „'n Saak het twé kante, of samespraak
tussen Jan Angeneem en Klaas Afgesé, o'er Sarie Tak-
haar” in O.K. I bls. 215 sal wel nie 'n ou volksliedjie wees
nie, maar dra tog die vorm van 'n tiepe wat baie in ou-
Hollandse liedboekies voorkom:

Jan: Haar oortjiis staan soos skulpiis

Wat op di sé-strand pryk.

Klaas: Dis jammer dat hul effe

Na 'n wa se wiile lyk.

Jan: En dan twé mooier voetjiis

Het niemand ooit gesiin.

Klaas: Die lengte is in duime

Ni minder as veertin, ens.

Dieselfde vorm keer terug in die Afrikaanse volks-
liedjie, „Ek sing Klein Mina's lof”. Sprekend selfs is
die ooreenoms in twee van die koeplette:

O.K.

Koepl. 9. Jan: En dan sy 't mooie handjiis,

Ja, wonder skoon en fraai,

Klaas: Dis jammer dat hul skurf is

Soos pote fan 'n kraai.

Klein Mina's Lof.

Koepl. 2. Haar handjies net en fraai

Staan gelyk die pote van 'n kraai.*

'N poging om 'n oorspronklike gedig te skrywe is seker
in O.K. IV bls. 222 die verse van Barbue, „Myn Liefste”.
Meer word egter nie bereik as enkel 'n produk saamge-
flans uit dele van ander liedere nie. Oral breek reëls
van bekende volksliedjies deur; teen die einde word die
ooreenstemming byna woordelik.

Ewig sal ek jou beminne,

Dit beloof ek tans voor God.

Niemand anders streef my sinne,

En sal dele in my lot.

So lui die volksliedjie (koepl. I.) By Barbue, koepl. 17,
neem dit die vorm aan:

(*) Vgl. Boshoff en du Plessis: *Afrikaanse Minneliedjies* bls. 142.

Ewig, liefste, sal ek jou beminne!
Dat belof ek duur en trou voor God.
Niemand anders streel my hart en sinne,
Of sal dele in myn aardse lot!

Die gediggie is belangryk omdat Barbue sowaar nie van die onontwikkeidste was nie: hy het vry verdienstelik die Suid-Afrikaanse geskiedenis berym en in O.K. laat verskyn.


'n Stap nader aan oorspronklikheid word gedaan waar daar, soos die geval is met „Die woord vaarwel is pynlik”, 'n inderdaad nuwe lied ontstaan, dog nietemin nog geheel in die gees van algemeen bekende volksliedjies. Hierdie lied van Blommerus het dan ook so sterk ingeslaan dat dit vandag nog in haas ieder hoekie van ons land bekend is. Nog meer voorbeelde van sulke „Vaarwel-” en „Afskeidliedere” kan uit die bladsye van „Ons Klyntji” byeengesamel word.*

Wie geen volkslied self kon omdig nie, kon dit gebruik om sy prosastukke mee op te sier; veral „Een Jagers Minnelied” het vir hierdie doel baie in die smaak geval.

Eindelik moet daar nog op gewys word hoe baie van die gedigte uit „Ons Klyntji” onmiddellik volksliedere geword het. „Jasper en Jatjie”, „Daar was 'n jonkman seer bemind”, „Ver, ver van my beminde”, en ander afskeidliedere is vandag kruis en dwars oor Suid-Afrika versprei. Dit is 'n bewys van hoe groot die behoefte aan volksliedere was, maar tewens ook 'n bevestiging van die feit dat hierdie soort poësie 'n tradisie agter hom gehad het wat niks anders kon gewees het as die ou liedjies en reste van liedjies wat nog geleef het in die mond van ons volk, en veral op danspartye en ander gesellige geleenthede as „koudleiliedjies” of geselskapsang hulle diens bewys het.

Uit die oogpunt van sy volkskundige betekenis is die Eerste Taalbeweging nog nie behandel nie. Dit is egter pas so dat die verskil tussen hierdie periode in ons letterkunde en die later Twede Taalbeweging vir ons reg begryplik word; die eersgenoemde het, wat veel van sy voortbrengsels betref, grotendeels nog op onderkulturele basis gestaan, terwyl die laaste hom in vorme van 'n hoër kultuur gaan uit.

(*) b.g.v. O.K. II, 81: „Aan myn liewe jakoba.”



HOOFSTUK XI.

DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS HERDINK.

LESING VOOR DIE ORANJEKLUB, KAAPSTAD, GEHOU OP DIE 14de AUGUSTUS, 1925, DEUR DR. D. B. BOSMAN.

„**E**K is bly oor die geleentheid om op hierdie historiese dag 'n kranse te kan aanbring ter ere van die gedagtenis en die nagedagtenis van manne van wie ons hoe langer hoe beter die ontsaglike betekenis in ons kultuurgeskiedenis leer besef. As daar ooit manne was wat in beskeidenheid en eenvoud, maar met insig en met moed, tot die aanvaarding van 'n gewigtige taak hulle lendene omgord het, dan was dit die ag Afrikaners wat vandag vyftig jaar gelede bymekaar gekom het in die Paarl in die huis van mnr. Gideon Malherbe.

DIE ONMIDDELLIKE DOEL

waartoe die vergadering belê was, was die bespreking van 'n Afrikaanse Bybelvertaling, maar daar was meer aan verbonde—soos sal blyk uit die verrigtinge. Die doel wat dié manne voor oë gehad het, stempel hulle onmiddellik tot idealiste, maar die manier waarop hulle te werk gegaan het, toon ons dat hulle terselfdertyd manne van die praktyk was. Hulle het nie alleen geweet wat hulle

wou bereik nie, maar gesien watter weg hulle moes inslaan om dit te doen.

En geen wonder nie, want die belêer van die vergadering was een van die grootste organiseerders wat nog onder die Afrikaanse volk opgestaan het, die veelsydig begaafde Ds. S. J. du Toit, veel geprys en veel gesmaad, vurig gehaat en diep bemin, die stem wat ons volksgees tot ontwaking geroep het, hoewel hy self later voeling met dié volksgees verloor het. Sy Aäron en Hur was sy broer Danie, later bekend as Oom Lokomotief, en C. P. Hoogenhout, 'n gebore Hollander, altwee onderwysers. Onder die eerste ag stigters was daar nog twee Du Toit's—dus vier tesame—en twee Malherbes, wat die proporsie Franse afstammeling bring tot 6 uit die ag. Die verteenwoordiger van die Hollandse element was C. P. Hoogenhout, die voorsitter van die eerste vergadering, terwyl die Duitse element verteenwoordig was deur August Ahrbeck, later predikant, wat dié dag geageer het as sekretaris.

Dat hierdie beweging

IN DIE EERSTE PLEK 'N KULTUURBEWEGING

was, sien ons uit die besluite wat daar geneem is.

Die eerste besluit was om 'n Genootskap op te rig, waarvan die naam en die doel deur 'n aangestelde kommissie sou bewoord word. Die werk van die Genootskap sou bestaan in die verspreiding van 'n Afrikaanse Volkslied, die oorweging van 'n Afrikaanse Bybelvertaling, die uitgee van 'n Afrikaanse spraakkuns en die samestelling van 'n Afrikaanse woordeboek. Uit hierdie program blyk wat ek reeds gesê het: dat hierdie klompie manne geweet het wat hulle wou en gesien het wat hulle moes doen.

By die vasstelling van die konstitusie kry die Genootskap die naam: *Genootskap van Regte Afrikaners*, en word as doel van die Genootskap opgegee: *om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land.*

Daar is baie

BELANGRIKE DATUMS IN ONS VOLKSGE- SKIEDENIS:

soos 6 April, 1652, die dag waarop Jan van Riebeeck se vlootjie anker uitgegooi het in Tafelbaai en die Europese beskawing voet gesit het aan Suid-Afrikaanse wal; soos

16 Desember, 1838, die dag toe die blanke beskawing in Suid-Afrika 'n nuwe toekoms vir homself geskep het deur die mag van die barbareidom die nek te breek; soos 31 Mei, 1910, toe Boer en Brit besluit het om skouer aan skouer die verdere lotgevalle van daardie beskawing in ons land te bevorder. Maar vir die kultuurgeskiedenis, in die engere betekenis van die woord, is daar vir die Hollandse Afrikaner geen belangriker datum as 14 Augustus 1875 nie.

Natuurlik besef ons dat 'n kultuurbeweging nie iets is wat in een dag tot stand kom nie. En ook hier was daar 'n tyd van gisting en voorbereiding, maar soos een van die nog lewende ou Genootskappers, mnr. Von Wieligh, sê: Dit was maar die dreunings wat die aardbewing voorafgaan. Die uitbarsting het plaasgevind vandag 50 jaar gelede.

In billikheid teenoor die Hollanders moet ek daarop wys dat onder die voorlopers van die Eerste Taalbeweging, behalwe Mnr. Hoogenhout, dit veral twee gebore Hollanders was wat eervolle vermelding verdien, naamlik, Arnoldus Pannevis, die leermeester van S. J. du Toit, en Dr. Brill, destyds Rektor van die Grey-Kollege op Bloemfontein. Dit was die ontwikkelde taalkenner, Pannevis, wat Du Toit se oë geopen het vir die moontlikhede van Afrikaans en die waarde van 'n eie kultuurmedium. Hy was die man wat die eerste op die tapyt gekom het met die idee van 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Die wetenskaplike pleidooi waarin die geleerde Dr. Brill

DIE BESTAANSREG VAN AFRIKAANS

buiten alle propagandamakery om bepleit het, was onteenseglik van ontsaglike waarde vir die latere kampvegters aan die Paarl. Die reputasie en geleerdheid van Dr. Brill het dikwels gedien om die mond te snoer van die skimpers en spotters met die Afrikaanse „brabbeltaal”, „patois”, „kombuistaal”, „Hotnotstaal” en hoe die lieflike name verder lui waarmee ons moedertaal veral in daardie tyd bestempel is, meestal deur uile wat nie kon insien dat hulle besig was om hulle eie nes te bevuil nie.

Waar ons vanaand hulde betuig aan die Ou Garde van Regte Afrikaners, wil ek in die eerste plaas wys op hulle moed en in die tweede plaas op hulle insig.

Dit lyk miskien 'n bietjie snaaks om hoop op te gee

cor die moed van Afrikaners wat durf opstaan het vir die regte van hulle moedertaal. Maar, dames en here, hoewel ons die herinnering aan die taaltoestande van 50 jaar gelede nog nie heeltemal ontgroeï het nie, moet ek u daarop wys dat daar sedert daardie tyd—dank sy juis die manmoedige optree van hierdie klompie Afrikaners—'n heeltemal ander toestand geskep is. Ons is vandag al so vertrouwd met die gedagte van Afrikaans as volwaardige spreek- en skryftaal, dat dit vir ons moeilik gaan om te besef dat dit nog maar 50 jaar gelede was dat die voorstanders van Afrikaans verplig was om 'n *geheime* genootskap—soos die Genootskap van Regte Afrikaners was—te stig en om in die publiek onder skuilname op te tree, omdat hulle anders as helote behandel, uit hulle betrekkinge gesit, uit die maatskappy geweier kon word. Soos een van hulle dit uitgedruk het, en dit nie die eerste die beste nie, maar Prof. Jan Lion Cachet*:

Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy siet en hoor; In ons skole, in ons kerke word ons moedertaal versmoor. Ag, hoe word ons volk verbaster, daartoe werk ons leraars [saam.

Hollands nog in sekere skole, is bedrog, 'n blote naam! Wie sig nie laat anglisere, word geskolde en gesmaad. Tot in Vrystaat en Transvaal al, overal dieselfde kwaad!

„Dis vooruitgang,” roep die skreeuwers. „Dis beskawing wat nou kom.”

En dan merk u hoe die dominee sterk taal gebruik om die spot en die hoon te teken wat die Genootskappers moes verduur:

„Wie daarteen durf getuige is 'n Patriots-rebel, Word verag, gevloek, gelaster en beswadder van die hel.

„Leer maar Engels, dit maak salig!” skree hul uit met groot geraas.

„Hollands sal vanself wel kome, Afrikaans is Hot-notstaal.”

Die moed wat vereis was, was nie om hulle man te staan teen Engels en die Engelse nie, maar teen verengelste Afrikaners en Hollandervriende. Veral in kerklike kringe was daar sterk teenstand. Vandaar die toespeïnge,

(*) Von Wielligh, *Eerste Skrywers* p. 2.

in die verse wat ek u net gelees het, op sekere kerke waar die mode om Engels te preek hoe langer hoe meer toegeneem het. Teenoor Hollands en Hollanders was die eerste beweging nie vyandig nie. Soos Du Toit self sê in een van sy 71 stellinge: „Afrikaans het sig dan ook nooit vyandig getoon teen Hollands nie, maar alle pogings tot behoud van Hollands ondersteun, in die oortuiging dat Hollands hier tog die erfdeel is van die Afrikaner.” Ongelukkig het Hollands sig vyandig betoon teenoor Afrikaans in die eerste jare van die beweging, maar sê Du Toit:

„Di Afrikaanse boompie groei intussen langs di oue Hollandse stam op, en slaat syn arme vrandelik daarom heen, want hy voel solank as hy nog swak is het hy die steun nodig. Di dikke wortels van di oue boom beskerm syn jonge wortels teen di Engelse byl, di stywe tak beskut syn jonge lote teen storme, en di oue boom sterf tog lanksaam weg, en net so vinnig neem hy di plek in. En di oue eikeboom, in plaas van trots te wees op syn eie kind, wat so kragtig uit syn wortels opspruit en beloof eenmaal syn plek so wêrdig in te neem, stoot regtig syn eie kind af en seg: Né, weg! Jy trek net party van myn sap en vettigheid weg! Dis myn plek; ek wil hiir bly staan! En tog groei di boompie op.”

Lydia van Niekerk: *Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging*, p. 38.

Ons verbeel ons dikwels ons is daardie mense ver vooruit en sien die taalverhoudinge beter. Maar het u al ooit in die geskifte van die tweede beweging die verhouding tussen Hollands en Afrikaans juister en fyner sien uitbeeld?

Dit bring my op die

TWEDE REDE

waarom ons hulde bring aan die Genootskap van Regte Afrikaners, n.l. hulle insig. Die groot verdienste van Du Toit en sy helpers was dat hulle op die kritiekste tyd van ons volksbestaan, die tyd toe ons volksgees op sy allerlaagste was, ingesien het waar die grootste krag lê. Nooit het die toekoms vir ons Afrikaanse volksbestaan onsekerder en duisterder gelyk as omstreeks 1870 nie.

Lord Charles Somerset het in 1827 die byl aan die wortel van ons Afrikaans-Hollandse volksbestaan begin lê. Hollands was geweer uit ons howe en feitlik uit ons skole.

Maar dit was nie die groot gevaar nie. Wel was Afrikaans daardeur afgesny van die Nederlandse bron, maar dié het hom al lank heel weinig meer gevoed. Dat daar alle kragte ingespan was om die besembos uit te roei was niks. Die Afrikaner groei die beste onder verdrukking. Maar die gevaar was juis, soos Du Toit dit uitgedruk het, dat die ou sterwende boom nie sy jong uitloopsel wou toelaat om sy plek te neem nie, sodat die Hoog-Hollandse vriende in die hande van die Engelse gespeel het. Nie alleen was ons onderwys op vreemde lees geskoei, volkome onnasionaal nie, maar ons kerk het sy deure nie goed genoeg gesluit teen hierdie invloed nie, sodat ons van ons swakste kant aangetas is.

Daarom moes

ONS VOLK WAKKER GESKUD,

aan die lees gesit, selfstandig gemaak word. Nie Engelse nie, nie Hollanders nie, maar Afrikaners. Soos Du Toit gesê het: „Daar is *Afrikaanders met Engelse harte*. En daar is *Afrikaanders met Hollandse harte*. En dan is daar *Afrikaanders met Afrikaanse harte*. Die laaste noem ons *Regte Afrikaanders*, en die veral roep ons op om an ons kant te staan.”*

Die eerste Afrikaanse beweging was, ek herhaal dit, in die eerste plek 'n kulturele beweging, en daarom het die taalkwessie vanself op die voorgrond gestaan. Die Afrikaner moes geleer word om sy taal hoog te ag en lief te hê, dan kom die res ook reg. Taalbewussyn aan te kweek was tegelykertyd die doel van die beweging en die middel om ander doeleindes te bereik.

Ek het nie tyd om met u die verdere geskiedenis en die resultate van die werk van die Genootskap van Regte Afrikaners te bespreek nie, maar ek wil u net die versekering gee dat daar nie net gepraat is in dié dae nie, maar gewerk, hard gewerk onder smaad en hoon, spot en veragting. Daarom te meer bring ons vanaand die dank en hulde wat hulle toe moes mis.

En die resultaat van hulle werk? Veel het hulle bereik. Uit die Patriot-beweging is die Afrikaner-Bond gebore, wat 'n mag geword het in die land soos die Afri-

(*) T.a.p. bls. 9.

kaner tevore nooit besit het nie. Maar wat meer is: ons staan vandag waar ons staan, danksy daardie mense. Die tweede Afrikaanse taalbeweging is moontlik gemaak deur die eerste. Ons het op hulle skouers geklim om ons taal te bring waar hy vandag is: die tweede, volkome gelykwaardige offisiële landstaal. En daarom, dames en here, aan S. J. du Toit, C. P. Hoogenhout, D. F. du Toit, D.P.sn., D. F. du Toit, D.F.sn., S. G. du Toit, G. J. Malherbe, P. J. Malherbe en A. Ahrbeck met hulle medewerkers, ons lof en ons hulde.”